# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

2

Kwartaal 1



Onderwysersgids

Funda Wande
Reading for Meaning

# 2

Kwartaal 1

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Onderwysersgids



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Illustrasies**

Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

Ander illustrasies is verskaf deur:
Bladsy 21: **Val Myburgh**
Bladsy 52, 58, 76, 88 en 100: **Jiggs Snaddon Wood**
Alle klankwoorde: **Rassie Erasmus**
**Omslag**: Anja Stoeckigt

**Foto-erkennings**

Funda Wande Media-span: alle foto's geneem in skole en klaskamers

Bladsy 70 (verskeidenheid voedselsoorte); iStock: Bladsy 14: THEGIFT777 (tradisionele drag); Bladsy 38: EcoPic (fynbos), MarkGillow (pakkie skyfies); Adobestock: Bladsy 46: DenisProduction (seun met bril), Roman (gidshond); Getty: Bladsy 50: PhotoQuest/Contributor (Helen Keller); WikiCommons: Bladsy 62: Suid-Afrikaanse Toerisme (SALT-teleskoop).

Alle ander foto's is verskaf met toestemming van **Freepik**, **Rawpixel** en **Pexels**.

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-991225-05-4

Version 2: 2025

Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:
*Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Onderwysersgids, Graad 2, Kwartaal 1, CC BY 4.0.*

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/

# Inhoud

**Ikone en afkortings** iv

**Oorsig van Funda Wande-materiaal**

Onderwysersgids: Wat om te onderrig 1
Metodiekgids: Hoe om te onderrig 1
Leerderaktiwiteitsboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig 1
Onderrigplan, Kwartaal 1 2
Weeklikse rooster, Kwartaal 1 4
Aktiwiteite vir Aktiwiteitstasies gedurende Liggaamsopvoeding, Kwartaal 1 5

Week 1 Ek is spesiaal 6
Week 2 Ek is spesiaal 8
Week 3 Almal is spesiaal 20
Week 4 Almal is spesiaal 32
Week 5 Ons is verskillend en ons is dieselfde 44
Week 6 Ons is verskillend en ons is dieselfde 56
Week 7 Wat ons nodig het om te lewe 68
Week 8 Wat ons nodig het om te lewe 80
Week 9 Gesonde leefwyse 92
Week 10 Vaslegging en hersiening 104

**Assessering, Kwartaal 1**

Assesseringsplan Kwartaal 1 106
Puntestate, Kwartaal 1 106
Luister en Praat Assessering 107
Klanke Assessering 108
Lees en Begrip Assessering 109
Handskrif Assessering 110
Skryf Assessering 111
AK en PSW Assessering 112
Visuele Kunste Assessering 113
Uitvoerende Kunste Assessering 114
Liggaamsopvoeding Assessering 115
Assesseringswerkvelle 116

# Ikone en afkortings

| Huistaal | | |
|---|---|---|
| Hardoplees of Luister en Praat | Lees | Klanke |
| Skryf | Groepbegeleide Lees | Handskrif en Onafhanklike Werk |
| **Lewensvaardigheid** | | |
| Welstand | Aanvangskennis en PSW | Skeppende Kunste |
| Liggaams-opvoeding | Sien na en gee terugvoering | |

Onderwysersgids – OG
Leerderaktiwiteitsboek – LAB
Groepbegeleide Lees – GBL

| Ikone in die LAB | | |
|---|---|---|
| Skryf | Kleur in of teken | Knip uit |

Persoonlike en Sosiale Welstand – PSW
Aanvangskennis – AK
Huistaal – HT
Lees in Pare – PL
Onafhanklike Werk – OW
Metodiekgids – MG

# QR-kodes

**Skakels na die WKOD se Huistaal-hulpbronne**

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal – Interaktiewe plakkaat | https://bit.ly/3Pr71qh | |
| **Klanke** | | |
| Muurkaarte | Hulpbronne: Rolboek | Aktiwiteitsboek |
| Hulpbronne: Kontrolelys vir informele Assessering | Hulpbronne: Prente | Hulpbronne: Interaktiewe witbordspeletjies |
| **Groepbegeleide lees** | | |
| Hulpbronne vir Lees | Dekodeerbare leeskaarte | Hulpbronne: Woordkaarte van prente |
| Kontrolelys vir Informele Assessering | Hulpbronne: Klanke en woorde | Vasleggingspeletjies |
| **Assessering** | | |
| Afrikaans Huistaal Rubrieke | Formele Assessering: Optekening: Excel | Formele Assessering: Optekening: PDF |

# Oorsig van Funda Wande-materiaal

Die Funda Wande-program integreer Geletterdheid: Huistaal en Lewensvaardigheid vir leerders in Graad 1–3, en is op die KABV gebaseer. Hierdie program help leerders om met begrip te leer, lees en skryf en ontwikkel terselfdertyd die grondbeginsels van algemene kennis, vaardighede en woordeskat. Die program berei leerders voor vir die hoër grade en ondersteun leerders by die aanleer van ander tale.


## Onderwysersgids: Wat om te onderrig

Vir elke kwartaal in die Grondslagfase is daar 'n **Onderwysersgids (OG)**. Die gidse is 'n dag-tot-dag-hulpbron vir besige onderwysers om te help met beplanning, ordening en assessering.

Die gids skep 'n raamwerk vir die inhoud van elke les – wat om te onderrig en in watter volgorde. 'n Weeklikse rooster en kwartaalplan word ook voorsien. Aan die agterkant van die Onderwysersgids (OG) word assesseringsaktiwiteite ingesluit. Die lesse en assesseringsaktiwiteite dek en is gebaseer op die KABV.




## Metodiekgids: Hoe om te onderrig




'n Aparte, oorkoepelende **Metodiekgids (MG)** gee riglyne oor die roetines sowel as voorstelle oor hoe om elke les in die Funda Wande-program te onderrig. Gebruik dit as riglyn vir opleiding aan die begin van elke kwartaal of om beplanning te doen. Jy kan dit ook enige tyd gebruik om te kontroleer of jy die stappe van lesse reg volg en of jy die les optimaal benut.


Vir elke tipe les verduidelik die MG:

1. die **doel** van die soort les: hoekom ons die lesse onderrig
2. **vordering** oor drie jaar: hoe die metodiek en teks wat in die program ingesluit word, vordering oor die drie grade heen toon om te verseker dat leerders meer vaardighede en kennis bekom
3. **metodiek**: hoe om die les in duidelike stap-vir-stap-volgorde te onderrig; die doel van elke stap en enige duidelike verskille tussen die grade
4. **differensiasie**: hoe om leerders op verskillende vlakke in die soort lesse te hanteer
5. **Informele Assessering**: hoe om die soort lesse te gebruik om die leerders se dag-tot-dag-vordering te assesseer
6. **Formele Assessering**: hoe om die vaardighede en kennis wat in die soort lesse aangeleer word, elke kwartaal formeel te assesseer, gebaseer op die KABV.

Die MG is 'n hulpbron vir alle Grondslagfase-onderwysers (Graad 1–3) om saam met die OG te gebruik.

## Leerderaktiwiteitsboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig

Die **Leerderaktiwiteitsboeke (LAB'e)** sluit die bladsye in wat deur die leerders gedurende die lesse gebruik word. Die bladsye is gerangskik in dieselfde volgorde as die aktiwiteite in die OG. Leerders voltooi sommige skriftelike aktiwiteite in die LAB, maar die langer skriftelike aktiwiteite word verkieslik in 'n oefenboek voltooi.




Die **Grootboeke (GB'e)** is ontwerp om gebruik te word wanneer die leerders op die mat sit gedurende Gedeelde Lees en Lewensvaardigheidslesse. Dit is beskikbaar vir al die kwartale in Graad 1 asook vir Kwartaal 1 en 2 in Graad 2. Die GB-bladsye kom ook in die LAB voor.

## Onderrigplan, Kwartaal 1

| Week | Tema | Hardoplees-storie | Gedeelde Lees-storie | Klanke | Begrip | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | **Ek is spesiaal** | | | Hersiening van enkelklanke | | |
| 2 | **Ek is spesiaal** | *Sipho gaan skool toe* | *Sipho gaan skool toe* | Hersiening: -ee, -oo | Veelkeusevrae - *Sipho gaan skool toe* | |
| 3 | **Almal is spesiaal** | *Die watergat* | *Die watergat* | Hersiening: -aa, -uu | | |
| 4 | **Almal is spesiaal** | *Die nuwe seun en die boelie* | *Die watergat* | Hersiening: -ie | Veelkeusevrae - *Die watergat* | |
| 5 | **Ons is verskillend en ons is dieselfde** | *Sipho se nuwe oë* | *Sipho se nuwe oë* | Hersiening: -oe | | |
| 6 | **Ons is verskillend en ons is dieselfde** | *Waar is my bril?* | *Sipho se nuwe oë* | Hersiening: -ou | Veelkeusevrae - *Sipho se nuwe oë* | |
| 7 | **Wat ons nodig het om te lewe** | *Wat het ons nodig om gesond te wees?* | *Wat het ons nodig om gesond te wees?* | Hersiening: -ui | | |
| 8 | **Wat ons nodig het om te lewe** | *Dora se gesonde dag* | *Wat het ons nodig om gesond te wees?* | Hersiening: -ei | Veelkeusevrae - *Wat het ons nodig om gesond te wees?* | |
| 9 | **Gesond leef** | *'n Partytjie by die skool* | *'n Partytjie by die skool* | Hersiening: -eu | Veelkeusevrae - *'n Partytjie by die skool* | |
| 10 | **Vaslegging en hersiening** | | | Hersiening: alle dubbelklanke | | |

| | Taal-strukture | Skryf | Lewens-vaardigheid: Inligtingsteks | Aanvangskennis en PSW | Skeppende Kunste | Liggaams-opvoeding |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Sien die *Funda Wande Metodiekgids* bladsy 19–21 vir die taalstrukture wat hierdie kwartaal onderrig moet word. Onderrig tydens Gedeelde Lees- en Skryflesse. | | | | | |
| | | Veelkeusevrae – *Sipho gaan skool toe* | In die klaskamer | Pas die prent by die klaskamerreël<br>Tradisionele klere<br>Vriendelik of onvriendelik? | VK: Teken hande<br>UK: Dramatiseer toneelstuk | Aktiwiteit-stasies |
| | | Nuus<br>GS: Vriendskaplike brief<br>OS: Eienskappe van ’n vriend | Ons is verskillend en ons is dieselfde | Ons is verskillend en ons is dieselfde<br>Ek en my vriende<br>Unieke jy!<br>Vriende | VK: Vingerafdruk-diere<br>UK: Liedjie oor diere | Aktiwiteit-stasies |
| | | Nuus<br>GS: Nuwe storie<br>OS: Bespreek ooreenkomste en verskille | Die lande van Suider-Afrika | Die lande van Suider-Afrika<br>Hoofstede<br>Fynbos<br>Hoe om 'n boelie te stop | VK: Maak voertuig van herwinbare materiaal<br>UK: Improviseer ’n toneel oor ’n boelie; Sing en voer liedjie op | Aktiwiteit-stasies |
| | | Nuus<br>GS: Vertel ’n storie oor<br>OS: Help mense met fisiese uitdagings | Help ons vriende | Help ons vriende<br>Oefen die handseine<br>Helen Keller<br>Help blinde mense | VK: Maak en versier 'n bril<br>UK: Beeld gevoelens uit, mimiek | Aktiwiteit-stasies |
| | | Nuus<br>GS: Nuwe weergawe van die storie *Waar is my bril?*<br>OS: Sinne oor lense | Lense help ons sien | Lense help ons sien<br>Teleskope<br>Gidshonde | VK: Maak ’n vergrootglas<br>UK: Voer ’n liedjie op | Aktiwiteit-stasies |
| | | Nuus<br>GS: Lys van gunstelingkosse<br>OS: Spyskaart van gunstelingkosse Gunsteling koslys. | Die kos wat ons eet | Die kos wat ons eet<br>Die son<br>Speel buite | VK: Maak oliebolle; versier 'n papierbord<br>UK: Sing vinnig en stadig | Aktiwiteit-stasies |
| | | Nuus:<br>GS: Sinne oor gesond wees<br>OS: ’n Gesonde dag | Gesonde leefstyl | Gesonde leefstyl<br>Besoedeling<br>Dora se gesonde dag (plakkaat) | VK: Maak en voltooi 'n gesigmasker<br>UK: Voer 'n groepstorie op; voer 'n dans uit | Aktiwiteit-stasies |
| | | Nuus<br>GS: Skryf ’n storie<br>OS: Uitnodiging na ’n partytjie, storie oor ’n partytjie by die skool | Hou kos en water veilig en skoon | Hou kos en water skoon en veilig<br>Menseregte<br>Kleur die prent in | VK: Maak en verf prente van kieme<br>UK: Voer ’n toneelstuk op, vertel die storie oor | Aktiwiteit-stasies |
| | | Nuus | | | | |

## Weeklikse rooster, Kwartaal 1

Aanpassings vir onderrigtyd vir die DBO se Inhaalrooster word met rooi aangedui. As jy die Inhaalrooster gebruik, pas die lesplanne soos volg aan:

- Voeg die twee lesse vir **Visuele Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Voeg die twee lesse vir **Uitvoerende Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Vir **Liggaamsopvoeding** kan jy voortgaan met vier aktiwiteitstasies, maar die leerders kan slegs elke twee weke roteer.
- Die **addisionele GBL-lesse** kan benut word om aktiwiteite en vaardighede wat gedurende die week aangeleer is, te hersien en vas te lê. Voorsien Onafhanklike Werk-aktiwiteite uit die DBO-werkboeke of E-klaskamer.

| GRAAD 2 (Minimum HT) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| **WISKUNDE*** <br> **85 min x 4 dae + 55 min x 1 dag / *96 min x 5 dae vir die inhaalrooster*** | | | | | |
| **AANVANGSKENNIS EN PSW** | | | | | |
| **15 min** | Mondeling (HT) (Lees hardop) | Mondeling (PSW) *Oplettende ek* *(Laat les weg vir die inhaalrooster)* | Mondeling (PSW) *Ek dink ek voel ...* *(Laat les weg vir die inhaalrooster)* | Mondeling (PSW) Liedjie/gedig *(Laat les weg vir die inhaalrooster)* | Mondeling (HT) (*Vind uit*: bespreking) |
| **15 min** | AK (Teksgebaseerde les) | AK (Aktiwiteit) | AK (*Vind uit*) | PSW (Aktiwiteit) | AK-aktiwiteit (*Vind uit*: Skryf) *(Laat les weg vir die inhaalrooster en vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL)* |
| **LEES EN SKRYF** | | | | | |
| **15 min** | Klanke (Nuwe letter-klank) | Klanke (Aktiwiteit) | Klanke (Klankfamilies) | Klanke (Aktiwiteit) | Klanke (Diktee/ Spoedlees woorde) |
| **15 min** | Lees (Gedeelde) | Lees (Maak sinne) | Lees (In pare en onafhanklik) | Lees | |
| **15 min** | Skryf (Nuus) | Gedeelde Skryf | Onafhanklike Skryf | Redigeer/ Begriplees | Onafhanklike Skryf |
| **10 min** | Inleiding tot Handskrif en Onafhanklike Werk-aktiwiteite | | | | |
| **30 min** | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite |
| **10 min** | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer |
| **15 min** | | | | | Sien na en gee terugvoering |
| **25 min** | EAT* | EAT* | EAT* | EAT* | EAT* |
| **LEWENSVAARDIGHEID** | | | | | |
| **30 min** | Visuele Kunste | Visuele Kunste *(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk uit DBO-werkboeke)* | Uitvoerende Kunste | Uitvoerende Kunste *(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk)* | |
| **30 min** | **Liggaams-opvoeding** (Inleiding) *(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk uit DBO-werkboeke)* | **Liggaams-opvoeding** (Aktiwiteitstasies) | **Liggaams-opvoeding** (Aktiwiteitstasies) *(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk uit DBO-werkboeke)* | **Liggaams-opvoeding** (Aktiwiteitstasies) | **Liggaams-opvoeding** (Aktiwiteitstasies) *(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Vind uit: Skryf)* |

*Nie by hierdie lesplanne ingesluit nie

## Aktiwiteite vir Aktiwiteitstasies gedurende Liggaamsopvoeding, Kwartaal 1

Kies vier aktiwiteite per week deur op verskillende vaardighede te fokus.

| **Beweging** |
|---|
| • Speel tradisionele speletjies, bv. Krappe-en-Kraaie, aan-aan, vroteier.<br>• Hou 'n aartappelresies.<br>• Hou 'n eier- en-lepel-resies – balanseer 'n klein balletjie op 'n groot lepel. |
| **Perseptueel-motories** |
| • Gooi boontjiesakkies in die lug op en vang dit.<br>• Gooi en slaan balle in pare. |
| **Ritme** |
| • Spring tou terwyl 'n rympie gesê of gesing word.<br>• Klap hande in pare terwyl jy 'n rympie gesê of gesing word.<br>• Speel springblok-speletjie (hop-scotch).<br>• Spring oor parallelle toue, herhaal en skuif toue al verder weg van mekaar. |
| **Lateraliteit** |
| • Spring op linker- en regterbene (volg die leier).<br>• Gooi 'n bal in 'n emmer met linker- en regterhande.<br>• Ontduik en stap in verskillende rigtings wat deur leier gegee word. |
| **Balans** |
| • In pare, kyk na mekaar, bene gestrek, voete wat aanmekaar raak, hou hande terwyl jy vorentoe en agtertoe trek en stoot, met voete teenmekaar.<br>• Herhaal staande, gebruik hande deur mekaar te stoot, met voete plat op die grond.<br>• Balanseer 'n boontjiesakkie op verskillende plekke van jou liggaam terwyl jy op 'n reguit lyn loop. |
| **Koördinasie** |
| • Gooi 'n bal na 'n teiken met dominante/nie-dominante hande. Tel jou suksesse.<br>• Skop 'n bal na 'n teiken met dominante/nie-dominante voete. Tel jou suksesse.<br>• Gooi/vang boontjiesakkie met 'n maat.<br>• Die leerders staan agter mekaar en gee 'n bal onderdeur bene aan.<br>• Die leerders staan agter mekaar en gee 'n bal agtertoe oor hul koppe aan. |
| **Sport en speletjies** |
| • Speel eenvoudige tradisionele speletjies. Bespreek eers die reëls.<br>• Volg die leier.<br>• Hardloop resies op tone/agtertoe/huppel/"kruiwastoot"/"kraploop".<br>• Bewegingspeletjies - dek die konsepte van grootte, afstand, ruimte en kwaliteit. |
| **Ruimtelike oriëntasie** |
| • Strek en draai. Maak liggaam so lank en so klein as moontlik, en dan so lank en so kort as moontlik.<br>• Hindernisbaan: spring oor/beweeg onder hindernis, kruip, klim, spring, ens.<br>• Hardloop in verskillende rigtings sonder om aan mekaar te stamp, en gebruik al die beskikbare ruimte. |

## OORSIG VAN DIE WEEK



# Ek is spesiaal

Die eerste week van die jaar is gewoonlik kort en word dikwels onderbreek. Daarom stel die werkboek en onderwysersgids 'n paar aktiwiteite voor wat op enige stadium gedoen kan word. Hierdie aktiwiteite hersien graad 1-werk. Addisionele aktiwiteite uit die DBO- werkboek en e-klaskamer kan ook gedoen word.

## VOORGESTELDE AKTIWITEITE VIR WEEK 1

### VESTIG ROETINES

Vestig roetineaktiwiteite vir klaskamerbestuur soos, byvoorbeeld, om na die mat te beweeg, om te draai en met 'n maat te praat, om toilet toe gaan, om in rye te staan, om deel te neem aan die voedingskema, om die vertrek skoon en netjies te hou, om boeke uit te deel, om potlode skerp te maak, ens.

### AKTIWITEITE IN DIE LEERDERAKTIWITEITSBOEK (LAB)


Hierdie aktiwiteite kan op enige stadium gedurende die week gedoen word.

**bl. 2**
**15 min**




Wie is ek?

**bl. 3**
**15 min**




Ek ken die alfabet

**bl. 4**
**15 min**




Ek is spesiaal

## AKTIWITEITE IN DIE DBO-WERKBOEKE

Die leerders kan op enige stadium gedurende die week aktiwiteite in die DBO-werkboeke vir Huistaal en Lewensvaardigheid doen.




## LEES EN KLANKE

- Oefen met die hele klas en individueel om letters vinnig te benoem. Wys na die letters op die alfabetkaart of flitskaarte. Die leerders moet die klank gee. Behou die pas. Neem waar watter leerders sukkel om sekere klanke te identifiseer.
- Voer die EGRA-toets met individuele leerders uit volgens departementele instruksies. Gebruik hierdie inligting om leerders in kleiner groepies met soortgelyke vermoëns vir Groepbegeleide Lees te groepeer.
- Laat leerders toe om boeke van die leeshoekie of biblioteek te lees.




## LIGGAAMSOPVOEDING

Gee leerders die geleentheid om te beweeg en om aktiwiteite buite te doen. Sien bladsy 5 vir idees.





# Ek is spesiaal

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| klere | hemp | broek | sokkies | skoene |

**Sinstrook**


Sipho se ouma het vir hom nuwe klere vir Graad 2 gekoop.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. Lees in pare **LAB bladsy 20**
2. Handskrif 1 **r n m b h p**
3. Handskrif 2 **Die kaptein help die leerders op die boot.**
4. Handskrif 3 **Maande van die jaar**
   **Januarie Februarie Maart April Mei**
5. DBO-werkboek vir Huistaal **bladsy 13**
6. DBO-werkboek vir Huistaal **bladsy 15**
7. DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid **bladsy 12 en 13**
   **Die mense rondom ons**
8. Woordeboek
   **klere hemp broek sokkies skoene**

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Voorbeelde of prente van mense in tradisionele of kulturele drag
- Sagte bal/opgefrommelde papier of plastieksakke
- Skêre en kryte
- Apparaat vir Liggaamsopvoedingsaktiwitei



# Sipho gaan skool toe

Sipho het in sy nuwe klere skool toe gegaan. Sy nuwe klere was veels te groot vir hom. Hy het sy nuwe potlood, pen en kosblik in sy skoolsak gesit. Almal by die skool het na hom **gestaar**.

Sipho het vir Amos by die skool gesien. Sy hemp was te klein, sy broek te kort en sy skoene was heeltemal te klein.

Sipho het gesê: "Jy lyk snaaks!"

Amos het gesê: "Jy lyk ook snaaks!"

"Ha-ha!" het hulle gesê. "Ons gee nie om nie. Ons is vriende!" Hulle het die hele dag saamgespeel.

Tydens pouse het Sipho en Amos hul skoolsakke oopgemaak. Amos het nie 'n pen gehad nie.

'n Groot seun met die naam Jakob het Sipho se nuwe pen gesien. "Ek wil daardie pen hê," het Jakob gesê. Hy het die pen gevat.

Sipho het agter die groot seun aan gehardloop. Dit was moeilik om in sy groot skoene te hardloop. Amos het saam met hom gehardloop. "Gee terug die pen!" het hulle geskree! "Gee dit terug! Gee dit terug!"

Van die groot meisies het gesien hoe die groot seun die pen vat. "Jakob!" het hulle gesê. "Hou op om so 'n **boelie** te wees! Gee die pen terug!"

Jakob het die pen teruggegee. "Jammer," het hy gesê.

Sipho was **verlig**. Ouma sou baie kwaad gewees het as hy sy nuwe pen reeds op die eerste dag verloor het.

Die groot meisies het gesê: "O, kyk na hierdie seun! Hy is so klein in sy groot hemp! Hy is so oulik!"

Sipho het baie skaam gevoel. Hy het sy hemp ingesteek en sy skoenveters vasgemaak. "Baie dankie dat julle my gehelp het," het hy gesê.






## WOORDESKAT

**gestaar** – vir 'n lang tyd na iets kyk

**boelie** – iemand wat probeer om iemand seer te maak of te verneder

**verlig** – nie meer bekommerd nie

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Sipho gaan skool toe*

OG bl. 9
15 min



**Voor lees** Stel die idee van 'n boeliery bekend.

**Lees** Lees die storie hardop en vra die vrae.

**Na lees**
- Het Sipho se klere gepas? Hoekom?
- Met wie het Sipho vriende gemaak?
- Hoekom het Jakob die pen gevat?
- Wie het Sipho se pen teruggekry?
- Hoe kan jy boelies keer om jou goed te vat?

## AANVANGSKENNIS In die klaskamer

bl. 11
15 min





**Bestaande kennis** Speel julle speletjies wat reëls het? Waarom het ons reëls nodig?

**Nuwe kennis**
- Hoe maak ons seker almal in die klas is gelukkig?
- Wat kan ons doen om te wys ons respekteer mekaar?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**

## KLANKE Hersiening: ee- en oo-klank

bl. 12
15 min




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank** Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare** Lees die woorde.

## LEES *Sipho gaan skool toe*


bl. 5–10
15 min




**Prentloop** Vir wie kan julle in elke prent sien?


**Lees die hele storie vir en saam met die leerders** Die leerders wys na die woorde met hul vingers.

**Begriplees**
- Op bladsy 5, wys na die woord wat vir ons sê wie Sipho se klere gekoop het.
- Op bladsy 7, wys na die woord wat vir ons sê wie Sipho se vriend was. Watter leidraad het jou gehelp om die woord vinnig te vind? (*hoofletter*)
- Wat het hulle vir mekaar gesê? Watter leidraad het jou gehelp om die woorde te vind? (*aanhalingstekens*)
- Hoe sal jy voel as iemand jou nuwe goed vat?



## SKRYF Nuus

15 min






**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus** (*nuus oor die vakansie, die naweek, 'n sportspan, 'n TV-program*)

**Pare** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus** in oefenboeke.


- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min





**Handskrif**

- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**

- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE Teken hande

30 min



**Deel** papier en kryte uit.

**Demonstreer** die taak op die bord.

**Teken en kleur in**

- Die leerders teken lyne rondom hul hande.
- Trek golwende lyne om die bladsy in ses dele te verdeel.
- Kleur die blokke helder in.



## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

30 min



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.


**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Die leerders rolspeel die aktiwiteite.

**Heelklasaktiwiteit** Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, aan-aan, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG



## WELSTAND (PSW) Oplettende ek

15 min



**Stel bekend**
- Verduidelik dat dit belangrik is om elke dag tyd te maak om te ontspan.
- Om diep asem te haal is ’n goeie ontspanningstegniek.

**Oefen om diep asem te haal**
- Die leerders maak hul oë toe en asem diep in tot ’n telling van vyf. Hulle asem dan uit tot ’n telling van vyf.
- Herhaal verskeie kere.

**Bespreek in pare** Die leerders maak hul oë oop en vertel aan ’n maat hoe hulle voel.



## AANVANGSKENNIS Pas die prent by die klaskamerreël

bl. 13
15 min




**Sluit aan by die vorige dag se les**
- Die leerders vertel die klaskamerreëls.


**Doen die aktiwiteit**
- Pas die prente by die reëls.

**Pare: Kontroleer (Sien hul werk na)**
- Het julle die prente en reëls op dieselfde wyse geteken en gevolg?
- Kontroleer teen LAB bladsy 11.



## KLANKE Oefenaktiwiteit


bl. 14
15 min




**Oefen om letters vinnig te benoem**
- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Die leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal. Behou die pas.


**Doen die aktiwiteit**
- Loop deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer/Sien die aktiwiteit na**



## LEES Sinsbou

bl. 111
15 min





**Knip** die sinstrook op bladsy 111 uit

**Lees saam die sin**
Vra vrae oor die sinstruktuur.

**Vra vrae oor die sinstrook**
- **Wie?** *Sipho se ouma*
- **Het wat gedoen?** *gekoop*
- **Wie?** *hy (Sipho)*
- **Wat?** *nuwe klere*

**Leerders knip die woord/ woordgroepe vir elke vraag uit**
Skommel en herstruktureer die sin.

**Leerders plak die sin in** hul oefenboeke.



## GEDEELDE SKRYF

### Skryf die storie oor

15 min

**Inleiding** Die leerders vertel die storie *Sipho gaan skool toe* in hul eie woorde.

**Wys die skryfraam**


**Dinkskrum** Die leerders gee idees vir 'n nuwe storie oor 'n kind wat nuwe klere gekry het.

- 'n Nuwe titel
- Die naam van die kind
- Wie die klere koop
- Watter items gekoop is
- Het dit gepas?

**Gedeelde Skryf**
Skryf die nuwe storie op die bord deur die leerders se idees te gebruik. Byvoorbeeld: Tannie het nuwe klere vir Anele gekoop. Sy het 'n romp, trui, skoene en 'n T-hemp gekoop. Hulle het netjies gepas.

**Lees die storie saam**





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

**Handskrif**

- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**

- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.





## VISUELE KUNSTE


### Teken hande

30 min

Leerders voltooi die krabbelpatroon wat hulle die vorige dag begin het.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**



# WOENSDAG

## WELSTAND (PSW) Ek dink, ek voel ...

15 min

**Gee 'n aanvangsin/beginsin** Ek voel spesiaal wanneer ek ..............

**Pare** Elkeen voltooi die sin.

**Deel** Kies leerders om hulle antwoorde met die klas te deel.



## AANVANGSKENNIS Tradisionele klere

bl. 15
15 min

**Bestaande kennis** Wys aan leerders prente/voorbeelde van tradisionele klere en laat hulle toe om te sê wat hulle daarvan weet.

**Lees die bladsy** Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Praat oor die vraag**
- Hoe gaan jy die antwoord vind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.





## KLANKE Hersiening: ee- en oo-klank

bl. 16
15 min

**Bou woorde**
Bou 'n paar woorde met die klanke en sê hulle hardop.

**Op jou eie en in pare**
- Die leerders bou meer rymwoorde.
- Die leerders sê al die rymwoorde vir hulle maat.
- Die leerders kan meer woorde verskaf.




## LEES *Sipho gaan skool toe*


bl. 5–10
15 min

**Lees saam** Lees *Sipho gaan skool toe* vir en saam met die klas.

**Lees in pare** Maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees individueel** Fluister-lees die eerste vier bladsye van die storie.





## SKRYF Ons klasreëls

15 min





**Bespreek** Waarom is daar reëls?

**Berei bord voor:**
- Ons moet ...
- Ons moenie ...

**Dinkskrum idees vir klasreëls**
- Noem 'n paar positiewe reëls. (*Ons moet ons boeke skoon hou.*)
- Noem 'n paar negatiewe reëls. (*Ons moet nie in die klaskamer hardloop nie.*)


**Skryf in oefenboeke**
- Leerders skryf twee positiewe en twee negatiewe reëls vir die klas.
- Moedig hulle aan om nuwe woorde self te spel.





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min



**Handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.

**Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Berei 'n toneelstuk voor

30 min



**Hele klas**
- Hersien die deel van *Sipho gaan skool toe*, waar Sipho deur Jakob geboelie word.
- Die leerders noem die karakters en beskryf wat hulle doen.

**Groepe van vier: Berei 'n toneelstuk oor die boelie voor**
- Ken dele van teks toe.
- Maak dialoog op.
- Oefen die toneelstuk.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT Sing 'n liedjie

**15 min**



Leer die liedjie met aksies aan. Kan gesing word op die wysie van *Ek hoor die donderweer.*

Ek is spesiaal, ek is spesiaal *(wys na jouself)*
Kyk en sien, kyk en sien *(wys na oë)*
Iemand baie spesiaal, iemand baie spesiaal *(Jazz hande)*
Dit is ek, dit is ek! *(wys na weer na jouself)*

## AANVANGSKENNIS Vriendelik of onvriendelik?

**bl. 17**
**15 min**




**Bespreek die prente** van vriendelik en onvriendelike kinders

**Lees die stories hieronder**

**Merk die regte kolom** Tel die merke en beantwoord die vrae.


**Storie 1** Zola speel springtou met haar vriende. Sy sien Babalwa wat alleen sit. Sy sê toe aan haar vriende: "Ek gaan Babalwa vra om saam met ons te kom speel." Babalwa is baie bly. Sy spring saam met die ander.

**Storie 2** Zuko speel sokker met sy maats. Themba is 'n nuwe seun. Hy vra of hy ook kan saam speel. Zuko sê: "Nee, ons span is reeds vol. Gaan speel met iemand anders."

**Storie 3** Zuko stap saam met sy vriend huis toe. Sy kleinsussie, Sne, roep vir hom om te wag. Sy vriend sê : "Maak asof jy nie haar nie hoor nie. Ons wil nie hê 'n klein meisie moet saam met ons loop nie." Zuko stop en wag vir sy sussie. "Kom, Sne," sê hy. "Jy kan saam met my loop."

## KLANKE Skryf die woord reg oor

**bl. 18**
**15 min**




**Leerders oefen om letters vinnig te benoem**
- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Die leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal en behou die pas.

**Leerders doen die aktwiteit**
- Stap deur die klas en bied ondersteuning waar nodig.

**Sien na/merk die aktiwiteit**


## LEES Woordeskat en Taal

**15 min**




**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die LAB.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Lees weer die week se sinstrook.
- Watter woord sê vir ons dat die storie in die verlede gebeur het? (*gekry*)
- Watter ander woorde kan ons gebruik in plaas van gekry? (*gekoop, gemaak, geleen*)



## SKRYF Leesbegrip


**bl. 19**
**15 min**

**Hersien** Lees weer *Sipho gaan skool toe*, saam.

**Beantwoord die vrae** Kyk na die prente. Merk die regte antwoord.

**Sien na/merk die aktiwiteit**



## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

**5 min**
**+**
**30 min**

**Handskrif**
- Kyk na ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.






## UITVOERENDE KUNSTE Voer toneelstukke op

**30 min**

**Voer op**
- Elke groep voer hul toneelstukke oor *Sipho en die boelie* op.
- Kies die sterkste groep om eerste op te tree.

**Evalueer**
- Prys en gee applous aan elke groep.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**30 min**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT Tradisionele klere

bl. 15
15 min




**Pare** Vertel van tradisionele klere in jou gesin.

**Deel en kategoriseer**
- Watter tradisionele klere dra ons vir godsdienstige geleenthede?
- Watter tradisionele klere dra ons op feesdae?
- Watter tradisionele klere dra ons elke dag?



## AANVANGSKENNIS Tradisionele klere

15 min



**Skryf oor en teken wat jy uitgevind het**
- Skryf oor iets wat jy geleer het.
- Gebruik 'n volsin en beste handskrif.
- Teken 'n prent.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde in hul oefenboeke skryf.



## KLANKE Diktee


15 min

| |
|---|
| muur |
| beet |
| veer |
| roos |
| oop |

**Lees die woorde vir diktee**
- Spreek elke woord duidelik en stadig uit.
- Herhaal dit slegs een maal.

**Skryf in oefenboek**
- Gee die leerders tyd om elke woord te skryf.
- Hulle moet dit in hul beste handskrif doen.

**Kontroleer en korrigeer** Skryf die woorde op die bord vir die leerders om te merk.



## SKRYF Ek is so ... soos



15 min



**Bespreek goeie eienskappe**
- Skryf die woord gelukkig, dapper, sterk op die bord.
- Bespreek waarom hierdie goeie eienskappe is.


**Dinkskrum ooreenkomste**
- Dinkskrum oor maniere om die eienskappe te beskryf deur ooreenkomste te gebruik. byvoorbeeld so gelukkig soos 'n bababokkie, so gelukkig soos sonskyn.

**Skryf in oefenboek** Die leerders skryf 5 eienskappe van hulself: Ek is so ... soos.

## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min




**Handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.


**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees** Die leerders lees in pare die klasreëls vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam met die leerders deur die DBO-aktiwiteitsboeke.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul take.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde in hul oefenboeke skryf.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Almal is spesiaal

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| olifant | leeu | skilpad | sebra | kameelperd |

**Sinstrook**

Een jaar het dit glad nie gereën nie.

## ONAFHANKLIKE WERK


1. **Lees in pare** LAB bladsy 36
2. **Handskrif 1** v w x z k
3. **Handskrif 2** Zander wil kyk of hy die haan kan vang.
4. **Handskrif 3** Maande van die jaar: Julie Augustus September Oktober November Desember
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 19
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 23
7. **DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid** bladsy 13
8. **Woordeboek**
   olifant leeu skilpad sebra kameelperd

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Verf
- Papier om op te verf
- Apparaat vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Die watergat



Een jaar het dit nie gereën nie. Dit was baie droog. Die **watergat** was byna leeg. Daar was slegs 'n poeletjie water in die middel, en nie lank nie, of al die diere was dors.

Olifant het by die watergat gekom. Hy het na die klein poeletjie gekyk. "Hmm," het hy gesê. "Daar is nie genoeg vir my om te drink en my nat te spuit nie. Wat gaan ek doen?"

Toe het hy 'n idee gekry: "Ek sal al die ander diere moet wegjaag."

Toe Rooibok en Sebra wou kom water drink, het Olifant hard geraas en gesê: " Dit is my water! Gaan weg!" Hy het sy voete gestamp en sy ore geflap en Rooibok en Sebra weggejaag.

Toe Kampeelperd en Hiëna later wou kom water drink, het Olifant weer geraas. Hy het sy voete gestamp. Hy het sy ore geflap. "Dit is my water!" het hy gesê. "Gaan weg!"

Kameelperd het weggehardloop. Hiëna het opgehou lag. Hy het **weggesluip**.

Olifant het selfs vir Leeu en Luiperd ook van die water weggejaag. "Ek is die grootste dier," het hy gesê. "Die water is myne."

Aan die einde van die dag was al die diere baie dors. Hulle het 'n vergadering onder die doringboom gehou.

"Ons sal Olifant moet stop," het Rooibok gesê.

"Ja, hy is 'n boelie!" het Hiëna gesê.

Skilpad het tot in die middel van die sirkel geloop. "Ek het 'n plan," het hy gesê. "Olifant is baie groot en hy kan ons wegjaag as ons een vir een kom water drink. Maar as ons saamwerk, kan ons hom stop."

Hy het aan Kraai gesê: "Wanneer ek my voete twee keer stamp, moet jy 'n harde geluid maak. Vlieg rondom sy kop en **verwar** hom."

"Dan," het hy aan die ander gesê, " moet ons almal na die watergat hardloop en hardop skree dat Olifant die water moet deel."

Skilpad het die teken gegee. Kraai het begin om baie hard te raas en al rondom Olifant se kop gevlieg. Olifant was verward. Hy het nie geweet wat om te doen nie.

Toe het al die diere na die watergat gehardloop en geskreeu: "Hou op om 'n boelie te wees; deel die water met ons!"

Olifant het na al die diere gekyk. Hy het geluister na wat hulle gesê het. Hy was baie skaam. Hy het weggegaan en al die ander diere laat drink.

"Dankie, Skilpad," het Leeu gesê, "dit was 'n goeie plan."

## WOORDESKAT

**watergat** – 'n plek waar diere water drink

**gesluip** – kruip op die grond

**verwar** – deurmekaar

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Die watergat*

OG bl. 21
15 min



**Voor lees** Vra die leerders om 'n paar wildediere te noem.

**Lees** Lees die storie hardop en vra die nodige vrae.

**Ná lees**
- Wat het gebeur toe die diere almal saamgewerk het?
- Hoe is hierdie storie dieselfde as die storie van Jakob en die pen?
- Wat kan ons uit hierdie storie leer?

## AANVANGSKENNIS Ons is verskillend en ons is dieselfde

bl. 28
15 min




**Bestaande kennis**
Dink julle ons is almal dieselfde?

**Lees die bladsy**
Kyk na die prente en lees die teks.

**Bespreek die vrae**
- Hoe is ons verskillend? (*Lees of speel? Sokker of hardloop? Stad of platteland? Meisie of seun?*)
- Hoe is ons dieselfde?

## KLANKE Hersiening: aa- en uu-klank

bl. 29
15 min





**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare** Lees die klankgrepe en woorde.

## LEES *Die watergat*


bl. 22–27
15 min




**Prentloop**
Wie kan julle in elke prent sien?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
Die leerders wys na die woorde met hulle vingers.

**Begriplees bladsy 22–24**
- Op bladsy 22, wys na die woord wat vir ons vertel dat daar 'n droogte was.
- Op bladsy 23, wys na die woorde wat vir ons vertel wat die olifant sê.
- Hoe weet ons dit is woorde wat die olifant gesê het?
- Op bladsy 24, wys na die woord wat vir ons vertel wat die olifant doen.
- Hoe sal jy voel as 'n olifant op jou sou skree?



## SKRYF Nuus


**15 min**


**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus** (*nuus oor die vakansie, die naweek, 'n sportspan, 'n TV-program*)


**Pare** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus** in oefenboeke.

Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

**5 min + 30 min**

**Handskrif**


- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**

- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.







## VISUELE KUNSTE Vingerafdruk-diere


**30 min**


**Bespreek**

- Die leerders kyk na hul vingers om hul eie unieke vingerafdrukke te sien.
- Vergelyk vingerafdrukke met 'n maat.

**Maak van vingerafdrukke**

- Die leerders druk hul vingerpunte in verf en maak verskillende afdrukke op papier daarvan.
- Wag totdat die verf droog is. Bêre die bladsye veilig om Dinsdag te voltooi.





## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

**30 min**

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die toerusting voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**


- Wys die toerusting en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Die leerders rolspeel die aktiwiteite.

**Heelklasaktiwiteit** Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, aan-aan, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DINSDAG



## WELSTAND (PSW) Oplettende ek

15 min



- Die leerders sit gemaklik en sluit hulle oë.
- Haal asem en hou hul asem in vir vyf tellings. Blaas asem uit vir vyf tellings. Herhaal.
- Die leerders maak hul oë oop en vertel mekaar hoe hulle voel.
- Leerders verduidelik in pare hoe hierdie oefening hulle kan help om te ontspan of te kalmeer.



## AANVANGSKENNIS Ek en my vriende

15 min



**Klein groepies**

- Bespreek hoe die leerders in elke groepie dieselfde en verskillend is.
- Hoeveel ooreenkomste en verskille kan julle vind?

**Hele klas**

- Vra verskillende leerders om interessante ooreenkomste te gee.
- Herhaal vir verskille.

**Teken** Leerders kan hulself en ’n maat teken as daar tyd is.



## KLANKE Kies die regte woord

bl. 30

15 min





**Oefen om klanke vinnig te benoem**

- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Die leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal. Behou die pas.

**Doen die aktiwiteit**

Stap deur die klas en bied ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**



## LEES Sinsbou

bl. 113

15 min




**Knip uit** Die leerders knip die sinstrook op bladsy 113 in die LAB uit.

**Lees saam die sin**

- Waarom is daar ’n hoofletter aan die begin van die sin?
- Wat kry ons aan die einde van die sin?


**Vra vrae oor die sin**

- **Wanneer?** *Een jaar*
- **Wat?** *Die reën*
- **Wat het gebeur?** *Nie gereën nie*

**Leerders knip die woord/ woordgroepe vir elke vraag uit**

Skommel en herstruktureer die sin.

**Leerders plak die sin** in hul oefenboeke.



## GEDEELDE SKRYF

**Skryf ’n brief**

15 min






**Inleiding** Watter soort briewe kan ons skryf? (*dankie-sê-briewe, uitnodiging na ’n geleentheid, jammer-sê-briewe.*)

**Wys die skryfraam**
- Groet
- Slot

**Dinkskrum**
- Watter soort brief gaan ons skryf?
- Aan wie gaan ons skryf?
- Wat sal ons sê/vra?


**Gedeelde Skryf** Gebruik die regte formaat asook leerders se idees.





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min





**Handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.


**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.



## VISUELE KUNSTE

**Vingerafdruk-diere**

30 min



**Beplan**
Die leerders beplan hoe om hul vingerafdrukke van Maandag te gebruik om verskillende diere te maak.

**Skep**
Voeg liggaamsdele by bv. kop, oë, pote, skulp ens.

**Vertoon**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min



**Aktiwiteitstasies**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

# WOENSDAG


## WELSTAND (PSW) Ek dink, ek voel ...

15 min

**Vraag**
Hoe laat 'n goeie maatjie jou voel?

**Pare**
Bespreek hierdie vraag.

**Deel**
Kies twee leerders om hul menings te deel (gee aan elke leerder deur die kwartaal 'n kans).



## AANVANGSKENNIS Unieke jy!

bl. 31
15 min

**Bestaande kennis**
Vra aan die leerders of hul 'n paspoort het of dalk al 'n paspoort van 'n familielid gesien het.

**Lees die bladsy** Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Praat oor die vraag**
- Hoe gaan jy die antwoord vind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.





## KLANKE Woordfamilies: aa en uu

bl. 32
15 min

**Bou woorde**
Bou 'n paar woorde met die klank en sê dit hardop.

**Op jou eie en in pare**
- Die leerders bou meer rymwoorde.
- Die leerders sê al die rymwoorde vir hulle maat.
- Die leerders kan meer woorde verskaf.





## LEES *Die watergat*


bl. 22–24
15 min

**Lees saam**
Lees die eerste drie bladsye van *Die watergat* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
In groepe van drie, maak beurte om elkeen een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.





## SKRYF 'n Brief





15 min

**Hersien die formaat van die brief**
- Groet en slot
- Leestekens


**Dinkskrum van woordeskat** Naam van die skool, skoolvakke, speletjies wat by die skool gespeel word.

**Opdrag** Leerders skryf 'n brief aan 'n familielid waarin hulle van hul skool vertel (sluit naam van skool, graad, gunstelingvak of -onderwyser in).





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES



5 min + 30 min

**Handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos benodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra begripsvrae.

**Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE 'n Liedjie oor diere



30 min

**Warm op**
Maak geluide van verskillende wildediere: brul soos 'n leeu, kras soos 'n kraai, runnik soos 'n sebra, ens.

**Leer 'n liedjie aan**
Kies en onderrig 'n bekende liedjie oor 'n wildedier, bv. *Oom Olifant* (Oom olifant, jou reusedier, die mense lag, vir hul plesier, want waar het jy, al ooit gehoor, van 'n stertjie van agter, en 'n stertjie van voor)

**Oefen in groepe**
Die leerders oefen liedjie en sit ook aksies by.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies



30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT Sing

15 min



Waar kom jy vandaan? *(hande uitgestrek)*
*Waarkom jy vandaan? (hande uitgestrek)*
*Waar kom jy vandaan? (hande uitgestrek)*

Ek kom van Suid-Afrika! *(wys na jouself)*
Ek's 'n Suid-Afrikaner. *(wys na jouself)*
Ek kom van Zimbabwe! *(wys na jouself)*
Ek's 'n Zimbabwiër. *(wys na jouself)*
Ek kom van Malawi! *(wys na jouself)*
Ek's 'n Malawiër. *(wys na jouself)*

En ons is almal dieselfde! *(duime op)*

## AANVANGSKENNIS Vriende

bl. 33
15 min





**Bestaande kennis**
Wat doen vriende?

**Lees die bladsy**
- Wat wys die prent?
- Wat doen die kinders?
- Wie is goedhartig?

**Doen die aktiwiteit**
- Lees die woorde.
- Trek 'n lyn van die woorde na die regte deel van die prent.

## KLANKE Skryf jou eie sin

bl. 34
15 min




**Oefen om vinnig klanke te benoem**
- Wys na enige letter op alfabetkaart
- Die leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal en behou die pas.

**Die leerders doen die aktwiteit**
- Stap deur klas en bied ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES Woordeskat en Taal

15 min




**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die LAB.
- Plaas die flitskaarte op die Woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Lees weer die week se sinstrook.
- Watter twee woorde wys dat dit in die verlede gebeur het? (*het, gereën*)



## SKRYF — Verbeter ons skryfwerk

15 min



**Bespreek Gedeelde Skryf**

- Lees ’n sin van Dinsdag se Gedeelde Skryf aan leerders.
- Wys hoe om die sin meer interessant te maak deur, bv. byvoeglike naamwoorde, beskrywings of interessante werkwoorde te gebruik.


**Lees**


Die leerders lees ’n sin van hul skryfwerk van die vorige dag aan ’n maat.

**Kontroleer en verbeter**

Kontroleer spelling en leestekens van die sinne.


**Ruil om en herhaal**





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min





**Handskrif**

- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**

- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE — Tyd vir konsert

30 min



**Voer op**

- Elke groep sing hul liedjie wat hulle die vorige dag geoefen het vir die klas.
- Kies die sterkste groep om eerste op te tree.

**Evalueer**

- Prys en gee applous aan elke groep.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min



**Aktiwiteitstasies**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

## VRYDAG



### LUISTER EN PRAAT — Unieke jy!

bl. 31
15 min

Niemand in die wêreld het 'n oog of 'n vingerafdruk soos jy nie. Jou vingerafdrukke en jou oê is uniek. Binnelandse Sake neem jou vingerafdrukke asook 'n foto van jou, wanneer jy vir 'n paspoort aansoek doen, sodat hulle kan bewys dat dit regtig jy is wanneer jy die land binnekom of verlaat. Ons noem dit biometrika.

**Pare** Vertel wat jy uitgevind het.

**Deel**
- Vra 'n leerder om met die klas te deel.
- Praat oor wat jy uitgevind het.






### AANVANGSKENNIS — Unieke jy!

15 min

**Skryf en teken wat jy uitgevind het**
- Skryf een iets neer wat jy geleer het.
- Teken 'n prentjie.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde in hul oefenboeke skryf.





### KLANKE — Spoedlees woorde

bl. 35
15 min

**Pare lees die woorde**
- Die leerder lees vir 1 minuut vir sy maat.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**
- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hul beste telling op die lyn.
- Wys uit dat jy meer woorde lees met meer oefening.



DATUM


Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| maan | na | ook | en | soos |
| duur | baan | muur | is | wees |
| by | voor | roos | lank | maar |
| suur | kom | kan | dag | daar |
| vir | of | gee | gaan | hy |
| kyk | help | voor | sy | huur |
| ek | as | in | wat | dit |
| leef | keer | koor | kyk | man |
| meer | wil | ma | nee | nuus |
| boos | op | waar | dom | sit |

Hoogste telling: ________ woorde per minuut

WEEK 3 • VRYDAG • 35



### SKRYF — Wat vriende doen



15 min

**Dinkskrum**
- Wat is die goeie eienskappe van 'n vriend? (*goedhartig, luister, deel, help, lag, speel*)
- Skryf leerders se voorstelle op die bord.

**Lees** Lees die begin van die sinne saam met die leerders.


**Skryf**
Die leerders kies woorde op die lys en skryf sinne oor hoe om 'n goeie vriend te wees:
- in klas
- tydens pouse
- met middagete.



## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min





**Handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees in pare hul nuus vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam met die leerders deur die DBO-aktiwiteitsboeke.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul take.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde in hul oefenboeke skryf.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Almal is spesiaal



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| reën | droog | dors | water | drink |

**Sinstrook**

"Hou op om 'n boelie te wees! Deel die water met almal!"

## ONAFHANKLIKE WERK

1. **Lees in pare** LAB bladsy 44
2. **Handskrif 1** l t l t
3. **Handskrif 2** Lennie lê in die son, want hy is lui.
4. **Handskrif 3** Primêre en sekondêre kleure
   geel blou rooi groen oranje pers
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 27
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 29
7. **DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid** bladsy 16–17
8. **Woordeboek**
   reën droog dors water drink

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Verf
- Papier om op te verf
- Apparaat vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Die nuwe seun en die boelie

Sipho was 'n nuwe seun in Graad 2. Amos was ook 'n nuwe seun in Graad 2. Daar was nog ander nuwe seuns en meisies.

Thami was 'n nuwe seun. Hy was van Durban. Dora was 'n nuwe meisie. Sy was van Ulandi. Ayanda was 'n nuwe meisie. Sy was van Qwa-Qwa

Simson was 'n nuwe seun. Hy was van Malawi.

Sipho en Amos het by dieselfde lessenaar gesit. Ayanda en Dora het by dieselfde lessenaar gesit. Simson het alleen gesit. Die kinders het almal somme gedoen.

Na skool het Jakob vir Simson by die skoolhek gestop. "Is jy van Malawi?" het hy gesê.

"Ja," het Simson gesê.

Jakob het Simson se boek gevat en dit in die modder gegooi. "Ha-ha," het Jakob gelag, "nou is jou boek net so vuil soos jy. My pa het vir my vertel dat **immigrante** van ander lande vuil is. Ha-ha, ha-ha."

Sipho het huis toe gegaan. Hy was baie hartseer.

"Wat is fout?" het Ouma gevra.

Sipho het vir Ouma vertel wat na skool gebeur het. Hy het vir haar vertel wat Jakob gesê het.

"Is dit waar, Ouma?" het hy gevra. "Is mense van ander lande vuil?"

"Natuurlik nie," het Ouma gesê. "Jy moet hom help, Sipho."

"Hoe kan ek hom help?" het Sipho gevra. "As ek vir Juffrou vertel, gaan Jakob vir my slaan."

"Ja, dit is waar," het Ouma gesê, "ons sal aan 'n slim plan moet dink."

Sipho het Amos van die plan vertel. "Dit is 'n goeie **plan**," het Amos gesê.

Amos het Ayanda ook van die plan vertel. "Dit is 'n baie goeie plan," het Ayanda gesê.

Ayanda het vir Dora van die plan vertel. "Dit is 'n **uitstekende** plan," het Dora gesê.

Gedurende pouse het Jakob na Simson gegaan. "Jou boek is vuil!" het hy gesê. "Jy is ook vuil! Jy is net vuilgoed."

"Tyd vir Ouma se plan!" het Sipho gesê. "Whaaaa!" het hy geskree. "Whaaaaa! Whaaaa! Whaaaaa!"

Jakob het Simson agtergelaat. Hy het na Sipho gehardloop.

"Whaaaa!" het Amos geskree. "Whaaaa! Whaaa! Whaaaa!" het Sipho, Amos, Ayanda en Dora geskree.

"Whaaa! Whaaaa! Whaaaaa!"

Juffrou het uitgekom en gevra: "Wat gaan aan?"

"Niks," het die kinders gesê, maar hulle het almal na Jakob gekyk.

Juffrou het na Jakob gekyk en gesê: "Wat gaan aan, Jakob?"

"Niks," het Jakob gesê. En van toe af het hy Simson uitgelos.

"Alles is nou reg, Simson," het Sipho gesê. "Kom ons wees maats."




## WOORDESKAT

**immigrante** – mense wat na 'n ander land trek

**plan** – 'n gedagte of voorstel om iets te doen

**uitstekend** – baie goed

## MAANDAG

### HARDOPLEES *Die nuwe seun en die boelie*

OG
bl. 33
15 min



**Voor lees** Bespreek wat 'n boelie is. Vra leerders om 'n paar voorbeelde te noem.

**Lees** Lees die storie hardop en vra vrae.

**Ná lees**
- Wat het Jakob oor die mense van ander lande gesê?
- Wat het gebeur toe die kinders 'n groot lawaai gemaak het?
- Is dit beter om saam te werk of om alleen te werk?

### AANVANGSKENNIS Die lande van Suider-Afrika

bl. 37
15 min





**Bestaande kennis** Het jy al ooit mense ontmoet wat van 'n ander land af kom?

**Lees die bladsy** Kyk na die kaart en lees die teks.

**Bespreek die kaart (landkaart)**
- Wys na die verskillende lande op die kaart.
- Vind die name van die hoofstede.
- Watter lande is die grootste? Watter lande is die kleinste?

### KLANKE Hersiening: ie-klank

bl. 38
15 min





**Bekendstelling van die klank**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank** Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare** Lees die klankgrepe en woorde.

### LEES *Die watergat*


bl. 22–27
15 min




**Prentloop**
Wie kan jy in elk van die prente sien? Wat is besig om te gebeur?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
Die leerders wys na die woorde met hul vingers.

**Begriplees bladsy 25–27**
- Op bladsy 25, wys na die woord wat vir ons sê dat die skilpad weet wat om te doen.
- Op bladsy 26, wys na die woorde wat vir ons sê dat meer as een persoon deel van die plan is.
- Op bladsy 27, wys na die woord wat vir ons sê dat Skilpad die teken gegee het.
- Wys na die woord wat vir ons sê hoe die olifant gevoel het.
- Hoe dink jy het die olifant se gesig gelyk?



## SKRYF Nuus


15 min


**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus** (*nuus oor die vakansie, die naweek, 'n sportspan, 'n TV-program*)


**Pare** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus** in oefenboeke.

Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

**Handskrif**

- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**

- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.





## VISUELE KUNSTE Maak 'n voertuig van herwinbare materiaal

30 min

**Bespreek**

Hoe kon Simson vanaf Malawi na Suid-Afrika gekom het? (*vliegtuig, bus, taxi, motor*)

**Beplan**

- Besluit in groepe watter voertuig julle gaan maak.
- Die leerders kry die nodige materiale bymekaar en beplan en teken die voertuig wat hulle gaan maak.





## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

30 min

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Die leerders rolspeel die aktiwiteite.

**Heelklasaktiwiteit**

Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, aan-aan, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DINSDAG

## WELSTAND (PSW) Oplettende ek


15 min



- Pare sit en kyk na mekaar.
- Die leerders maak beurte om snaakse gesigsuitdrukkings te maak om hul maat te laat lag.
- Vra een of twee leerders om hul snaaksste gesigsuitdrukkings aan die klas te wys.
- Praat oor hoe om te lag ons kan help om te ontspan.

## AANVANGSKENNIS Hoofstede

bl. 37
15 min




**Lees**

- Kyk saam na die kaart op bladsy 37 van die LAB.
- Verduidelik dat ’n hoofstad die stad is waar die regering ontmoet.
- Vind die lande op die kaart.
- Wys na die hoofstede.

**Skryf in oefenboek**
Leerders teken ’n tabel met die name van die lande op die kaart en hul hoofstede.

## KLANKE Vul die middelklank -ee- of -ie- in

bl. 39
15 min




**Oefen om klanke vinnig te benoem**

- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Die leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal. Behou die pas.

**Doen die aktiwiteit** Stap deur die klas en bied ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES Sinsbou

bl. 113
15 min




**Knip uit** Die leerders knip die week se sinstrook uit.


**Lees die sin saam** met die leerders en bespreek die punktuasie.

**Vra vrae oor die sin**

- **Doen wat?** *Stop!*
- **Wat?** *Om ’n boelie te wees*
- **Doen wat?** *Deel*
- **Wat?** *Water*

**Leerders knip die woord/woordgroepe vir elke vraag uit**
Skommel en herstruktureer die sin.

**Die leerders plak die sin** in hul oefenboeke.



## GEDEELDE SKRYF

### Skryf 'n storie

15 min

**Inleiding** Die leerders vertel die storie *Die nuwe seun en die boelie* in hul eie woorde.


**Wys die skryfraam op die bord**


**Dinkskrum**

- Wat sal die titel wees?
- Wie was die boelie en wat wou hy nie deel nie?
- Wie het 'n slim plan gehad?
- Wat het die diere gedoen?
- Hoe het die boelie gevoel?

**Gedeelde Skryf** Skryf 'n nuwe storie op die bord deur die leerders se idees te gebruik.





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

**Handskrif**


- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**

- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.







## VISUELE KUNSTE

### Maak 'n voertuig uit herwinbare materiaal

30 min

**Skep** Leerders maak die voertuig wat hulle die vorige dag beplan het.

**Vertoon** Groepe wys en beskryf hul voertuig vir die res van die klas.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**



## WOENSDAG


### WELSTAND (PSW) Ek dink, ek voel ...

15 min

**Vrae**
- Hoe is ons verskillend en ook dieselfde in my familie? (bv. *Wie is die oudste/jongste? Hoe lyk my familielede?*)
- Hoe voel ek oor my familie?

**Pare** Bespreek die vrae.

**Deel** Kies twee leerders om hul bespreking met die klas te deel. (Probeer kyk dat elke leerder deur die kwartaal 'n geleentheid kry.)



### AANVANGSKENNIS Fynbos

bl. 40
15 min

**Bestaande kennis**
Watter blom is op die R1-munte van 2023? (*koningprotea*)
Waar groei dit natuurlik? (*Wes- en Suidwes-Kaap*)

**Lees die bladsy** Wanneer reën dit in die areas waar fynbos groei?

**Praat oor die vraag**
- Hoe gaan jy die antwoord vind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.





### KLANKE Woordfamilie: ie

bl. 41
15 min

**Bou woorde** Bou 'n paar woorde met die klank en sê dit hardop.

**Op jou eie en in pare**
- Die leerders bou nog rymwoorde.
- Die leerders sê al die rymwoorde vir hulle maat.
- Die leerders kan nog woorde gee.





### LEES *Die watergat*

bl. 25–27
15 min

**Lees saam** Lees die laaste drie bladsye van *Die watergat* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe** In groepe van drie, maak beurte om elkeen een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik** Die leerders fluister-lees die laaste drie bladsye van die storie.





## SKRYF Ek en my vriend

15 min





**Bespreek** Bespreek wat die woorde dieselfde en verskillend beteken.

- Hoe is jy en jou vriend dieselfde?
- Hoe verskil julle?

**Dinkskrum woordeskat** Dinkskrum woorde om jou maat te beskryf.


**Leerders skryf:** Vergelyk jouself met jou vriend.
- Ons is altwee ... (ooreenkomste).
- ... is ..., maar ek is ... (verskille).





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min
+
30 min



**Handskrif**
- Kyk na ’n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.


**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.

**Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Improviseer


30 min



**Inleiding**
Opsomming van die storie *Die nuwe seun en die boelie*.

**Bespreek**
- Wie was die karakters in die storie?
- Hoe dink jy het Jakob gelyk en gepraat?
- Hoe dink jy het Simson gelyk en gepraat?
- Hoe dink jy het Sipho gelyk en gepraat?

**Groepe**
- Die leerders voer ’n kort toneel op oor ’n boelie en hoe hulle gestop word.
- Almal moet ’n beurt kry. Herinner leerders dat niemand moet seerkry nie.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT Rympie

15 min




Waar kom jy vandaan? *(hande uitgestrek)*
*Waarkom jy vandaan? (hande uitgestrek)*
*Waar kom jy vandaan? (hande uitgestrek)*

Ek kom van Suid-Afrika! *(wys na jouself)*
Ek's 'n Suid-Afrikaner. *(wys na jouself)*
Ek kom van Zimbabwe! *(wys na jouself)*
Ek's 'n Zimbabwiër. *(wys na jouself)*
Ek kom van Malawi! *(wys na jouself)*
Ek's 'n Malawiër. *(wys na jouself)*

En ons is almal dieselfde! *(duime op)*

## AANVANGSKENNIS Hoe om 'n boelie te stop

15 min



**Bestaande kennis** Hoe laat boelies ons voel?

**Hersien**
- In die storie het Sipho en sy vriende 'n groot geraas gemaak toe Jakob vir Simson geboelie het.
- Het dit gehelp?
- Hoekom?

**Bespreek**
Wat anders kon die kinders gedoen het om hom te keer?

## KLANKE Skryf die woorde reg oor

bl. 42
15 min


DATUM

Skryf die woord reg oor.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | drie | dier |
| 2 | ierv | |
| 3 | rtie | |
| 4 | ieks | |
| 5 | ietr | |
| 6 | fdie | |
| 7 | mrie | |
| 8 | dlie | |

42 • WEEK 4 • DONDERDAG

**Oefen om die klanke vinnig te benoem**
- Wys na enige letter op alfabetkaart
- Die leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal en behou die pas.

**Die leerders doen die aktwiteit** Stap deur klas en bied ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**


## LEES Woordeskat en Taal

15 min



**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die storie in die LAB.
- Plaas die flitskaarte op die Woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Lees weer die week se sinstrook.
- Watter woorde sê vir die olifant wat om te doen? (*stop, deel*)
- Wanneer moet die olifante stop en deel? (*nou*)
- Hoe weet jy dit? (*uitroepteken dui dit aan*)



## SKRYF Leesbegrip

bl. 43
15 min

**Hersiening** Lees weer die storie *Die watergat*.

**Beantwoord die vrae**


DATUM

Leesbegrip

Lees die storie Die watergat.
Merk die regte antwoord.

1 Die watergat was ...
- leeg
- vol
- dors


2 Die olifant wou al die water hê, want hy was ...
- die langste dier
- die grootste dier
- die slimste dier


3 Merk al die diere wat na die watergat gegaan het.
- die haas
- die hiëna
- die kat
- die luiperd
- die leeu
- die kameelperd

4 Wie het 'n slim plan gehad?
- die leeu
- die sebra
- die skilpad

5 Wat het die diere vir die olifant gesê?

WEEK 4 • DONDERDAG • 43






## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min
+
30 min

**Handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.







## UITVOERENDE KUNSTE 'n Tradisionele liedjie

30 min

**Bestaande kennis**
- Gesels oor tradisionele liedjies in jul omgewing.
- Wys hoe julle klap en trap wanneer julle sing.

**Sing** Kies 'n tradisionele liedjie en sing dit as 'n klas saam.

**Voer op** Groepe kies, oefen en voer die liedjie op.

**Evalueer** Prys en gee applous aan elke groep.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT Fynbos

bl. 40
15 min

Fynbos is die kleinste van die ses blommeryke ter wêreld. Daar is meer as 9 000 spesies fynbosblomplante, insluitend restio's wat soos riete lyk en irisse wat uit bolle groei. Party fynbosplante moet brand om te groei.

**Pare** Vertel wat jy uitgevind het.




## AANVANGSKENNIS Fynbos

15 min

**Skryf en teken wat jy uitgevind het**

- Skryf een feit wat jy geleer het.
- Teken 'n prentjie.



## KLANKE Diktee

15 min

**Lees die woorde vir diktee**

- Spreek elke woord duidelik en stadig uit.
- Herhaal dit slegs een keer.

**Skryf in oefenboek**

- Gee die leerders tyd om elke woord te skryf.
- Hulle moet dit in hul beste handskrif doen.

**Kontroleer en korrigeer** Skryf die woorde op die bord vir die leerders om te merk.

dier
kies
dief
diep
siek

## SKRYF Die boelie



15 min

**Dinkskrum**

- Lees weer die storie van Dinsdag se Gedeelde Skryf.
- Die leerders kies hul eie karakters vir 'n nuwe storie.


**Skryf** Leerders skryf hul eie storie oor 'n boeliedier deur dieselfde teksstruktuur te gebruik.



## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min
+
30 min





**Handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees hul Onafhanklike Skryf in pare vir mekaar.
- Sê aan jou maat waarvan jy gehou het van hul skryfwerk.

**Sien Onafhanklike Skryf na** Sien die aktiwiteit in die DBO-werkboek na wat gedurende Onafhanklike Werk voltooi is.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde in hul oefenboeke skryf.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Ons is verskillend en ons is dieselfde

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| lees | sien | oë | lig | bril |
|---|---|---|---|---|

**Sinstrook**


Sipho het probeer om die getalle op die bord te lees.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. **Lees in pare** LAB bladsy 59
2. **Handskrif 1** g y j
3. **Handskrif 2** Ma stryk my broek met 'n yster.
4. **Handskrif 3** Getalle 1 tot 5 een twee drie vier vyf
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 35
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 39
7. **DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid** bladsy 23
8. **Woordeboek**
   lees sien oë lig bril

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Skêre en gom
- Kryte, viltpenne of plakkers
- Vir AK, maak prente van bekende fisies gestremde mense, soos die blinde sanger Ray Charles en fisies gestremde atlete soos Ntando Mahlangu, Kgothatso Montjane bymekaar
- Apparaat vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Sipho se nuwe oë




Sipho het saam met sy nuwe maats, Amos en Simson, agter in die klas gesit. Hulle het somme gedoen. Sipho het probeer om die getalle op die bord te lees.

"Ek sien + 2," het hy gedink, "maar is dit 6 + 2 heelbo? Of 5 + 2? Of 8 + 2 …"

"Wat is die getal heelbo?" het hy vir Amos gevra. "Dit lyk vir my soos 'n vlieënde vark!"

Die klas het uitgebars van die lag.

"Reg, Sipho, die **komediant**! Dit is genoeg gekskeerdery," het die onderwyser gesê.

Maar Sipho was verward. In Graad 1 kon hy al die getalle op die bord sien. Iets was verkeerd. "Ek sal vir Ouma moet sê," het hy by homself gedink.

Toe hy by die huis kom, het hy by die kombuis ingestorm waar Ouma besig was om vetkoeke vir aandete te maak. "Ouma, Ouma, help my asseblief! " het hy gesmeek.

"Wat is fout, Sipho? Hoekom is jy so ontsteld?" het Ouma gevra.

"Ai, Ouma, ek kon vandag nie die getalle op die bord in die klas behoorlik sien nie. Ek het iets gesien wat soos 'n vlieënde vark gelyk het!" het Sipho gesê.

"'n Vlieënde vark?" Ouma en Sipho het saam begin lag, maar hy was eintlik baie ernstig. Sy oë kon nie meer, soos voorheen, behoorlik sien nie.

"Môre is dit Saterdag. Dan sal ek jou na die oogdokter in die dorp neem. Is jy nou gelukkig?"

Ouma het vir Sipho na 'n dokter geneem wat oë toets. Hierdie dokter word 'n **oogkundige** genoem.

Die oogkundige het 'n skerp lig in Sipho se oë geskyn. Sy het prente en letters voor hom gehou en gevra wat hy kon sien. Sy het gesê: "O, hierdie seun het regtig 'n bril nodig!"

Na 'n paar dae het Sipho sy bril gekry. Hy het dit opgesit.

"Ouma!" het hy uitgeroep. "Ek kan die prente op die muur duidelik sien! Daar is jy! Daar is ek!"

Hy het buitentoe gehardloop. "Ek kan die bus in die pad sien! Ek kan die koeie op die heuwel sien!"

Sipho het met sy bril skool toe gegaan. Dit het 'n blou **raam** en helder lense gehad. Hy het agter in die klas gesit en kon die getalle op die bord duidelik sien.

"8 + 2, 3 + 2, 4 + 2. Ek kan alles lees, Juffrou," het Sipho met 'n groot glimlag op sy gesig gesê.

"Knap gedaan, Sipho! Ek is baie trots op jou! Geen vlieënde varke meer nie," het die onderwyser gesê en almal het gelag.

## WOORDESKAT

**komediant** – 'n persoon wat grappe vertel

**oogkundige** – 'n dokter wat jou oë toets en vir jou 'n bril kan voorskryf

**raam** – die plastiek of metaal wat rondom die lense in die bril gaan

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Sipho se nuwe oë*

OG bl. 45
15 min




**Voor lees**
- Ken jy iemand wat 'n bril dra?
- Het jy al ooit probeer om deur hul brille te kyk?

**Lees** Lees die storie hardop en vra vrae.

**Na lees**
- Waarom kon Sipho nie op die bord sien nie?
- Wat het die onderwyser vir Sipho gevra om te doen?
- Hoe het Sipho gevoel toe hy sy nuwe bril gekry het?

## AANVANGSKENNIS Help ons vriende

bl. 52
15 min





**Bestaande kennis**
- As mense hulp nodig het om te loop, wat kan hulle gebruik?
- Watter ander probleme kan fisies gestremde mense hê?

**Lees die bladsy** Kyk na die prente en lees die teks.

**Bespreek die fisies uitdagings** Watter ekstra hulp mag mense met verskillende fisies gestremdehede moontlik nodig hê?

## KLANKE Hersiening: oe-klank

bl. 53
15 min




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank** Leerders mag nog woorde gee.

**Pare** Lees die klankgrepe en woorde.

## LEES *Sipho se nuwe oë*


bl. 46–51
15 min




**Prentloop** Vir wie kan jy in elk van die prente sien?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders** Leerders wys met hul vingers na die woorde.

**Begriplees bladsy 46–48**
- Op bladsy 46, wys na die woord wat vir ons sê waar Sipho gesit het.
- Op bladsy 47, wys na die woord wat vir ons sê waar die onderwyser wou hê Sipho moes sit.
- Op bladsy 48, vind die woord wat vir ons sê dat Sipho se oë nie goed gewerk het nie.
- Hoe dink jy het Sipho gevoel?



## SKRYF Nuus


15 min


**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus** (*nuus oor die vakansie, die naweek, 'n sportspan, 'n TV-program*)

**Pare** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus** in oefenboeke.

Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.






## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

**Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.








## VISUELE KUNSTE Maak 'n bril

bl. 115

30 min

**Beplan en bespreek**
- Wat word die verskillende dele van 'n bril genoem? (*raam, arms, lens*)
- Bespreek maniere om'n bril soos Sipho sin te maak.
- Bespreek wat jy nodig het om die bril te maak deur die voorbeeld op bladsy 115 van die LAB te gebruik.

**Maak 'n bril**
- Die leerders knip die bril uit en plak die ore aan die raam.
- Laat droog word. Hou die bril veilig om Dinsdag te voltooi.






## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

30 min

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Die leerders rolspeel die aktiwiteite.

**Heelklasaktiwiteit** Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, aan-aan, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## WELSTAND (PSW) Oplettende ek

30 min

- Die leerders sit gemaklik en sluit hul oë.
- Hulle haal stadig asem in en uit op ’n telling van agt. Herhaal agt maal.
- Hulle maak hul oë oop en vertel aan mekaar hoe hulle voel.



## AANVANGSKENNIS Oefen die handseine


15 min

**Bestaande kennis** Het jy al iemand gesien wat met hulle “hande” praat?

**Nuwe kennis**
- Mense wat nie kan hoor nie, maak gebare met hul hande om met ander te kommunikeer. Ons noem dit gebaretaal.
- Gebaretaal is ’n amptelike taal in Suid-Afrika.

**Demonstreer die handseine in gebaretaal** vir hallo, dankie, kom, speel, asseblief en tot siens. Kyk op Youtube, indien nodig.

**Leerders herhaal die seine en oefen dit**




## KLANKE Kies die regte woord

bl. 54
15 min

**Oefen om letters vinnig te benoem**
- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal. Behou die pas.

**Doen die aktiwiteit** Loop deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer/Sien die aktiwiteit na**




## LEES Sinsbou

bl. 117
15 min

**Knip uit** Leerders knip die sinstrook op bladsy 117 in die LAB uit.


**Lees die sin saam**
- Waarom is daar ’n hoofletter aan die begin van die sin?
- Wat vind ons aan die einde van die sin?

**Vra vrae oor die sin**
- **Wie?** *Sipho*
- **Doen wat?** *het probeer lees*
- **Wat?** *die syfers*
- **Waar?** *op die bord*

**Leerders knip die woord/ woordgroepe vir elke vraag uit** Skommel en herstruktureer die sin.

**Leerders plak die sin** in hul oefenboeke.





## GEDEELDE SKRYF

**Skryf 'n storie**

15 min


**Inleiding**
- Leerders vertel die storie van *Sipho se nuwe oë* in hul eie woorde.
- Ons gaan 'n soortgelyke storie oor iemand met 'n ander fisies gestremdheid skryf.


**Wys die skryfraam**

**Dinkskrum 'n nuwe storie**
- Wat sal die titel wees?
- Oor wie sal die storie gaan?
- Watter fisies gestremdheid het hy of sy gehad? (bv. kan nie hoor nie, kan nie loop nie)
- Watter hulpmiddel het hy of sy nodig? (*kierie, gehoorapparaat*)
- Wat het Ouma gesê?
- Watter mediese persoon het hy of sy besoek?
- Hoe het hy of sy gevoel toe hulle hul nuwe hulpmiddel gekry het?

**Gedeelde Skryf**
- Skryf die storie op die bord deur die leerders se idees te gebruik.
- Lees die storie saam.






## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

**Handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.







## VISUELE KUNSTE

**Versier die bril**

30 min


**Beplan** Die leerders beplan hoe om die bril van Maandag te versier.

**Versiering** Die leerders teken op hul rame of plak plakkers, blinkers op hul rame.

**Vertoon** Die leerders hou 'n modeparade om hul nuwe brille te vertoon.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.


**Koel af**



# WOENSDAG

## WELSTAND (PSW) Help ander

15 min



**Vraag** Kan ek 'n held wees deur ander te help?

**Pare** Bespreek die vraag.

**Deel** Kies twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elke leerder 'n kans deur die loop van die kwartaal).

## AANVANGSKENNIS Iemand met 'n fisiese uitdaging

bl. 55
15 min





**Bestaande kennis**
- Vra leerders of hulle al van Helen Keller gehoor het.
- Vra hulle om hulle te verbeel hoe dit moet voel om doof of blind te wees.

**Lees die bladsy** Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Praat oor die vraag**
- Hoe gaan jy die antwoord vind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.

## KLANKE Woordfamilie: oe

bl. 56
15 min




**Bou woorde** Bou 'n paar woorde met die klank en sê dit hardop.

**Op jou eie en pare**
- Bou nog rymwoorde.
- Sê al die rymwoorde vir jou maat.
- Die leerders kan nog woorde verskaf.

## LEES *Sipho se nuwe oë*


bl. 46–48
15 min




**Lees saam** Lees die eerste drie bladsye van *Sipho se nuwe oë* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe** In groepies van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik** Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.



## SKRYF Help ander


15 min




**Opdrag** Verduidelik aan die leerders dat hulle vier sinne moet skryf wat elkeen met die woorde: Ek kan mense help deur ... begin.

**Dinkskrum idees** Hoe kan ons mense help wat fisies gestremd is?


**Skryf** Leerders skryf in hul oefenboeke.





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min



**Handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.

**Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE 'n Storie oor gevoelens

30 min



**Bespreek**
- Wat is gevoelens?
- Die leerders gebruik hul gesigte om verskillende gevoelens (*gefrustreerd, verleë, eensaam*) uit te beeld.

**Groepe**
- Maak 'n kort storie oor gevoelens op.
- Voer op.

**Luister en bespreek gevoelens**
*Dora was hartseer. Sy het haar been seergemaak. Sy moes met krukke loop. Haar vriende het gaan netbal speel. Hulle het haar alleen gelaat. Dora het baie eensaam gevoel. Phiwe het langs Dora gesit. Sy het gesê: "Kom ons sing saam!" Dora het gelukkig gevoel. Phiwe het gelukkig gevoel. Hulle het die hele middag gesing.*



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

15 min

Ons is dieselfde!
Ons is dieselfde!
Ons is dieselfde!
Ek kan nie sien nie, jy kan sien *(hande op oë/af van oë af)*
Maar ons is nog steeds dieselfde

... Ek kan nie hoor nie, jy kan hoor *(hande op ore/af van ore af)*
... Ek kan nie loop nie, jy kan loop *(hande op bene/af van bene af)*
... Ek kan nie praat nie, jy kan praat *(hande op lippe/af van lippe af)*



## AANVANGSKENNIS — Help mense

bl. 57
15 min

**Bestaande kennis** Hoe kan ons blinde mense help?

**Lees die bladsy**
- Wie kan jy in die prent sien?
- Waarom help die klein dogtertjie die dame met die kierie en bril?
- Dink jy die dame kan die taxi hoor kom? Watter ander dinge maak 'n geraas?

**Bespreek** Watter ander dinge kan jy doen om na fisies gestremde mense om te sien?





## KLANKE — Skryf jou eie sin

bl. 58
15 min

**Oefen om letters vinnig te benoem**
- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal. Behou die pas.

**Doen die aktiwiteit** Loop deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer/Sien die aktiwiteit na**





## LEES — Woordeskat en Taal

15 min

**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die storie in the LAB.
- Plaas die flitskaarte op die woordmuur en lees dit weer.


**Sinstrook**
- Lees weer die week se sinstrook.
- Watter woorde dui aan dat hy nie die getalle maklik kon lees nie? (*het probeer*)
- Watter letters dui aan dat die woord het probeer in die verlede plaasgevind het? (*het*)
- Wat sou ons sê indien dit nou gebeur? (*probeer*)





## SKRYF Verbeter ons skryfwerk

15 min





**Bespreek Gedeelde Skryf**
- Lees 'n sin van Dinsdag se Gedeelde Skryf aan die leerders.
- Wys hoe om die sin meer interessant te maak deur byvoeglike naamwoorde, beskrywings of interessante werkwoorde te gebruik.

**Lees** Die leerders lees 'n sin van hul skryfwerk van die vorige dag aan 'n maat.

**Kontroleer en verbeter**
- Kontroleer spelling en leestekens van die sinne.
- Kan jy jou sinne nog meer interessant maak?


**Ruil om en herhaal die oefening**





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min





**Handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Mimiek

30 min



**Warm op**
- Sê vir die leerders dat hulle met hul oë gaan luister.
- Mimiek: kom na my toe, hou hande, maak 'n sirkel, sit.

**Mimiek** Gee aan die leerders die aksies om die mimiek te doen: maak oop jou boek, skryf, maak die bord skoon, skink 'n koppie water, drink.

**Koel af** Die leerders maak hul eie aksies op en vra die ander om te raai wat hulle doen.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

## LUISTER EN PRAAT — Iemand met 'n fisiese uitdaging

bl. 55
15 min

Die leerders het moontlik uitgevind oor die blinde sanger, Ray Charles, of die gestremde atleet, Ntando Mahlangu, of die tennisspeler, Kgothatso Montjane. Wees voorbereid om te deel wat jy uitgevind het.

**Pare** Vertel vir mekaar wat jy uitgevind het oor 'n beroemde persoon met 'n fisiese uitdaging.

**Deel**
- Vra 'n leerder om met die klas te deel.
- Praat oor wat jy uitgevind het.




## AANVANGSKENNIS — Iemand met 'n fisiese uitdaging

15 min

**Skryf en teken wat jy uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Skryf een sin in jou netjiesste handskrif.
- Teken 'n prent.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde in hul oefenboeke skryf.



## KLANKE — Spoedlees woorde

bl. 59
15 min

**Pare lees die woorde**
- Die leerder lees vir 1 minuut vir 'n maat.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**
- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hulle beste telling op die lyn.
- Wys uit dat jy meer woorde lees met meer oefening.


DATUM

Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| wie | sien | haar | so | ons |
| dit | nou | by | soms | praat |
| neem | dat | hulle | daar | doek |
| julle | môre | met | goed | kloek |
| wil | sien | drie | sê | veer |
| rook | waar | oog | soen | niks |
| vaal | voor | man | beer | kyk |
| dag | vuur | hê | hoor | roep |
| vra | koor | is | 'n | boer |
| meel | is | en | die | hier |

Hoogste telling: ............ woorde per minuut

WEEK 5 • VRYDAG • 59


## SKRYF — Kreatiewe skryfwerk



15 min

**Inleiding**
- Benoem 'n paar superhelde op TV. (*Superman, Black Panther, Wonderwoman*)
- Wat hulle doen? (*Hulle red mense van slegte mense.*)
- Hoe? (*Hulle het spesiale kragte, Superman kan vlieg en is supersterk.*)

**Lei leerders om 'n superheld te skep**
- Kopieer die ID-kaart vir 'n superheld op die bord.
- Wat is die naam van jou superheld?
- Hoe lyk jou superheld?
- Watter spesiale kragte het jou superheld?
- Hoe help jou superheld mense?


**Leerders teken 'n ID-kaart vir hul superheld** in hul oefenboeke.



## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min




**Handskrif**

- Kyk na ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**


- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**

- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees** Die leerders lees in pare hul Onafhanklike Skryf vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**

- Gaan saam met die leerders deur hierdie week se DBO-werkboekaktiwiteite.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.



## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde in hul oefenboeke skryf.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **gereageer op leerders LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week ’n tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Ons is verskillend en ons is dieselfde

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| lees | sien | oë | lig | bril |
|---|---|---|---|---|

**Sinstrook**


Na ’n paar dae het Sipho sy bril gekry.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. Lees in pare **LAB bladsy 69**
2. Handskrif 1 **L F E T H I K M**
3. Handskrif 2 **Lennie en Tim kap hout saam met Ken.**
4. Handskrif 3 **Getalle 6 tot 10 ses sewe agt nege tien**
5. DBO-werkboek vir Huistaal **bladsy 43**
6. DBO-werkboek vir Huistaal **bladsy 47**
7. DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid **bladsy 25**
8. Woordeboek
   **lees sien oë lig bril**

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Twee deurskynende bottels vir Maandag – vra die leerders om bottels van die huis af te bring
- Skêre, viltpenne/krytes
- Papier om op te teken
- Apparaat vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Waar is my bril?

*Sit jou bril of sonbril op jou kop.*



*Tel 'n boek op.* Goeiemôre, kinders! Ek wil vandag vir julle 'n storie lees.

*Vat aan jou gesig en lyk verward.* Nou waar het ek my bril gesit?

*Kyk op die tafel. Ignoreer die leerders wanneer hulle vir jou sê waar die bril is.* Het ek dit op die tafel gesit?

*Skud jou kop.* Nee, dit is nie op die tafel nie!

*Kyk onder die boeke.* Het ek dit onder my boeke gelos?

*Skud jou kop.* Nee, dit is ook nie onder my boeke nie.

*Kyk in die kas.* Het ek dit binne-in die kas gesit?

*Skud jou kop.* Nee, dit is nie binne-in die kas nie.

*Kyk tussen die hoop papiere.* Het ek dit **tussen** die hoop papiere weggesteek?

*Skud jou kop.* Nee, dit is nie tussen my hoop papiere nie!

*Staan op en kyk agter die stoel.* Het ek dit agter my stoel gebêre.

*Skud jou kop.* Nee, dit is nie agter my stoel nie!

*Kyk langs jou handsak.* Het ek dit **langs** my handsak laat val?

*Skud jou kop.* Nee, dit is nie langs my handsak nie.

*Klop op die grond of lessenaar voor 'n leerder.* Het ek dit voor ** (*gebruik 'n leerder se naam*) gesit?

*Skud jou kop.* Nee, dit is nie voor ** nie.

*Kyk na die krytrak.* Het ek dit langs die bord **ingedruk**?

*Skud jou kop.* Nee, dit is nie langs die bord nie.

*Vra die leerders om vir jou te sê. Vat aan die bokant van jou kop. Lyk verras. Sit jou bril op.* Waar dink julle kon ek dit gesit het?

*O, my goeiste, hier is dit!* Ek moes vir júlle gevra het waar dit was.

## WOORDESKAT

**tussen** – voorsetsel van plek

**langs** – voorsetsel van plek

**ingedruk** – 'n ander woord vir ingesit

## MAANDAG

### HARDOPLEES *Waar is my bril?*

OG
bl. 57
15 min

**Voor lees**
- **Vra:** Moes jy al ooit jou ouma (of enige ander familielid) help om iets te vind?
- Wat was dit? Waar het julle dit gekry?

**Lees** Lees die storie hardop of vertel dit met aksies.

**Na lees**
- Op watter plekke het ek vir my bril gesoek?
- Wys vir my wat tussen beteken. Herhaal met ander voorsetsels.



### AANVANGSKENNIS Lense help ons sien

bl. 61
15 min

**Bestaande kennis**
- Sipho het 'n bril gekry om hom te help om beter te kan sien. Wat word die deurskynende deel van sy bril genoem?
- Van watter ander soort lense weet jy?

**Kyk na die foto's** Kan jy enige van die voorwerpe noem wat lense het?

**Lees die teks vir en saam met die leerders** Herhaal die woorde: bril, teleskoop, vergrootglas, mikroskoop.


DATUM

Lense help ons sien

Wanneer ons deur 'n lens na goed kyk, lyk dit waarna ons kyk, groter of kleiner as wat dit regtig is.

'n **Bril** help mense om beter te sien. Dit kan ons help om goed wat ver is te sien, of om woorde in 'n boek te kan lees.

'n **Teleskoop** help ons om goed wat baie ver is te kan sien, soos die sterre. Dit laat dit groter en helderder lyk.

'n **Vergrootglas** laat goed groter lyk.

**Mikroskope** help ons om baie klein goedjies te kan sien.

WEEK 6 • MAANDAG • 61

### KLANKE Hersiening: ou-klank

bl. 62
15 min

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank** Leerders mag nog woorde gee.

**Pare** Lees die klankgrepe en woorde.


DATUM

ou

kous

mou pou hout

koud fout vou

Oupa kap gou hout, want dit is koud.

62 • WEEK 6 • MAANDAG

### LEES *Sipho se nuwe oë*

bl. 46–51
15 min

**Prentloop** Vir wie kan jy in elk van die prente sien? Wat gebeur?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders** Die leerders wys met hul vingers na die woorde.

**Begriplees bladsy 46–51**
- Op bladsy 49, beskryf al die dinge wat jy in die dokter se kantoor kan sien.
- Op bladsy 50, wys na die woorde wat vir ons sê wat Sipho gekry het om hom te help sien.
- Op bladsy 51, vind die woord wat vir ons sê dat die onderwyser tevrede was.
- Op bladsy 50, hoe dink jy het Sipho gevoel. Hoe sou jy gevoel het?


Sipho se nuwe oë


8 + 2 =
3 + 2 =
4 + 2 =

Sipho het saam met sy vriende agter in die klas gesit.

Sipho het probeer om die getalle op die bord te lees.

"Ek kan nie al die getalle sien nie," het hy gedink.

46 • WEEK 5



## SKRYF ASSESSERING 1 Nuus

15 min


**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**



**Pare:** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks nuus te vertel.

**Leerders skryf hul eie nuus** Sê vooraf aan leerders dat hierdie 'n assessering is en gemerk sal word.

**Herinner hulle om:**
- Die leestekens en spelling te kontroleer
- Interessante idees te skryf
- Hul skryfwerk te kontroleer voordat hulle dit ingee.

**Sien na:**
Sien bladsy 111
**Punte:** 5




## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

**Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.






## VISUELE KUNSTE Maak 'n vergrootglas

30 min

**Eksperiment** Wys 'n vergrootglas vir die leerders. Laat hulle toe om kortliks daarmee te eksperimenteer.

**Maak 'n vergrootglas** Die leerders werk in pare om 'n vergrootglas te maak deur die onderwyser se instruksies te volg.

**Benodigdhede:**
- 'n Deurskynende 2 liter plastiekbottel
- 'n Kryt of koki (viltpen)
- Skêr

**Metode**:
1. Trek 'n sirkel op die geboë deel van die bottel.
2. Knip die sirkel uit.
3. Gooi water in die skyfie. Dit is nou 'n lens.
4. Hou die lens versigtig oor iets wat geskryf is om die letters groter te laat lyk.





## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

30 min

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Die leerders rolspeel die aktiwiteite.

**Heelklasaktiwiteit** Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, aan-aan, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DINSDAG

## LUISTER- EN PRAAT ASSESSERING 1 — *Sipho se nuwe oë*

**30 min**

**Teken en skryf**
- Gee vir die leerders 'n skoon vel A4-papier.
- Vra hulle om 'n prent van die eerste deel van die storie, *Sipho se nuwe oë*, te teken, asook 'n sin te skryf.

**Luister en praat**
- Laat die leerders in groepe van vier of vyf na jou lessenaar kom om te gesels oor die storie, *Sipho se nuwe oë*.
- Roep die **eerste** derde van die klas gedurende hierdie periode.
- Vra twee of drie vrae. Gebruik sowel laer- as hoërordevrae.

***Voorbeelde:***
1. Vertel die storie van *Sipho se nuwe oë* in volgorde.
2. Wie het vir Sipho gehelp om beter te kan sien? Hoe?
3. Ken jy enige een wat 'n bril of 'n gehoorapparaat dra, ens. Hoe kan jy hulle help?

Voltooi hierdie week op Woensdag en Donderdag.

**Sien na:** Sien bl. 107
**Punte:** 5

## AANVANGSKENNIS/PSW ASSESSERING 1

**OG bl. 116**
**15 min**

### Lense wat ons gebruik

**Lees**
- Sê vir die leerders dat dit 'n assessering is.
- Lees die woorde in die woordboks.
- Deel kopieë van die assesseringsbladsy uit.

**Leerders gebruik prente en woordleidrade om die vrae te beantwoord**
- Pas die woorde in die woordboks by die prente.
- Voltooi die sinne deur die regte woord te gebruik.

**Antwoorde**
**1.** lens; **2.** bril; **3.** teleskoop; **4.** vergrootglas; **5.** mikroskoop

**Sien na:** Sien bl. 112
**Punte:** 5




## KLANKE — Vul die middelklank -oe- of -ou- in

**bl. 63**
**15 min**

**Oefen om letters vinnig te benoem**
- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal. Behou die pas.

**Doen die aktiwiteit** Loop deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer/Sien die aktiwiteit na**




## LEES — Sinsbou

**bl. 117**
**15 min**

**Knip uit** Die leerders knip die sinstrook op bladsy 117 van die LAB uit.


**Lees die sin saam**
- Hoekom is daar 'n hoofletter aan die begin van Sipho se naam?
- Watter ander woorde het ook hoofletters? Gee voorbeelde.

**Vra vrae oor die sin**
- **Wanneer?** *na 'n paar dae*
- **Wie?** *Sipho*
- **Wat?** *sy bril*
- **Wat?** *gekry*

**Leerders knip die woord/woordgroepe vir elke vraag uit** Skommel en herstruktueer die sin.

**Die leerders plak die sin** in hul oefenboeke.





## GEDEELDE SKRYF

### Skryf 'n storie

15 min

**Inleiding** Sipho het na die oogdokter toe gegaan. Watter gesondheidswerkers het die leerders besoek?

**Wys die skryfraam**

**Dinkskrum**
- Watter tipe gesondheidswerker het ons besoek?
- Hoe het die gesondheidswerker ons gehelp?
- Wat het gedurende die besoek gebeur?
- Hoe het jy gevoel?

**Gedeelde Skryf** Voltooi die skryfraam deur die leerders se idees te gebruik.

Ek is dokter toe, want

___________________.


Hy/Sy het na my

___________ gekyk.

Hy/Sy het vir my

___________ gegee.

Ek was ___________.






## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

**Handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.







## VISUELE KUNSTE

### Verskillend maar dieselfde


30 min

Indien jy nie die leeders nie hul vergootglase op Dinsdag voltooi het nie, kan hulle dit nou doen. Andersins kan hulle die volgende aktiwiteit doen.

**Stel bekend**
- Mense is soos oliebolle - ons is basies dieselfde, maar elkeen van ons is ook verskillend.
- Demonstreer kortliks met kryt op die skryfbord hoe skakering, patroon en druk (hard/sag) verskillende visuele effekte kan hê

**Versier en kleur in**
- Leerders teken 4 oliebolle.
- Deur slegs 'n potlood te gebruik, versier die leerders die oliebolle sodat elkeen verskillend lyk. Hulle maak gebruik van skakering, patroon en verskillende druk op die potlood.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**



## WOENSDAG

### LUISTER- EN PRAAT ASSESSERING 1 *Sipho se nuwe oë* 15 min

**Teken en skryf**
- Gee vir die leerders 'n skoon vel A4-papier.
- Vra hulle om 'n prent van die tweede deel van die storie, *Sipho se nuwe oë*, te teken, en dan 'n sin te skryf.

**Luister en praat**
- Laat die leerders in groepe van vier of vyf na jou lessenaar kom om te gesels oor die storie, *Sipho se nuwe oë*.
- Roep die **tweede** derde van die klas gedurende hierdie periode.
- Vra twee of drie vrae. Gebruik sowel laer- as hoërordevrae.

***Voorbeelde:***
1. Vertel die storie van *Sipho se nuwe oë* in volgorde.
2. Wie het vir Sipho gehelp om beter te kan sien? Hoe?
3. Ken jy enige een wat 'n bril of 'n gehoorapparaat dra, ens. Hoe kan jy hulle help?

Voltooi dit hierdie week op Donderdag.

**Sien na:** Sien bl. 107
**Punte:** 5

### AANVANGSKENNIS Teleskope

bl. 64
15 min




**Bestaande kennis** Vra vir die die leerders of hulle al ooit 'n teleskoop gesien of gebruik het.

**Lees die bladsy** Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Praat oor die vraag**
- Hoe gaan jy die antwoord vind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.

### KLANKE Woordfamilie: ou

bl. 65
15 min




**Bou woorde** Bou 'n paar woorde met die klank en sê dit hardop.

**Op jou eie en pare**
- Bou nog rymwoorde.
- Sê al die rymwoorde vir jou maat.
- Die leerders kan nog woorde verskaf.

### LEES *Sipho se nuwe oë*


bl. 49–51
15 min




**Lees saam** Lees bladsy 49–51 van *Sipho se nuwe oë* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe** In groepies van 3, maak beurte om elkeen een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik** Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.



## SKRYF Maak sinne oor lense


15 min


**Bespreek en lees** Kopieer die plaasvervangertabel op die bord en lees die woorde in elke kolom.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Die lense in | 'n bril | laat goed | nader | lyk |
| | 'n vergrootglas | | groter | |
| | 'n teleskoop | | duideliker | |
| | 'n mikroskoop | | kleiner | |

**Maak sinne**
- Verduidelik hoe om sinne te maak deur die woorde in elke kolom te gebruik, bv. Die lense in die bril laat voorwerpe helderder lyk.
- Die leerders maak mondelings sinne.


**Skryf** Die leerders skryf hul sinne in hul oefenboeke.





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min



**Handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.

**Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Voer 'n liedjie op

30 min



**Inleiding** Bespreek dat musiek hard of sag kan wees en dat dit gevoel en uitdrukking aan musiek gee.

**Bespreek 'n welbekende liedjie, *Ek hoor donderweer***
- Skryf die woorde op die bord.
- Watter reëls is hard? (*die oor donderweer*)
- Watter reëls is sag? (*die oor reën*)
- Watter aksies gaan saam met elke deel? (*handeklap, beweeg vingers soos die reën*)

**Sing die liedjie met aksies**
- Sing hard wanneer julle sing oor die donderweer.
- Sing sag wanneer julle sing oor die reën.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER- EN PRAAT ASSESSERING 1 — *Sipho se nuwe oë*

**15 min**

**Teken en skryf**
- Gee vir die leerders 'n skoon vel A4-papier.
- Vra hulle om 'n prent van die derde deel van die storie, *Sipho se nuwe oë*, te teken, asook om 'n sin te skryf.

**Luister en praat**
- Laat die leerders in groepe van vier of vyf na jou lessenaar kom om te gesels oor die storie, *Sipho se nuwe oë*.
- Roep die **laaste** derde van die klas gedurende hierdie periode.

- Vra twee of drie vrae. Gebruik sowel laer- as hoërordervrae.

***Byvoorbeeld:***
1. Vertel die storie van *Sipho se nuwe oë* in volgorde.
2. Wie het vir Sipho gehelp om beter te kan sien? Hoe?
3. Ken jy iemand wat 'n bril of 'n gehoorapparaat dra, ens. Hoe kan jy hulle help?

Voltooi vandag die assessering.

**Sien na:** Sien bl. 107
**Punte:** 5

## AANVANGSKENNIS — Gidshonde

**bl. 66** **15 min**





**Bestaande kennis** Herinner die leerders daaraan dat sommige mense wat nie kan sien nie, gidshonde het om hulle te help.

**Lees die bladsy**
- Kyk na en bespreek die prent van die gidshond.
- Lees die sinne.

**Bespreek gidshonde**
- Gidshonde help mense wat blind is om onafhanklik te leef.
- Gidshonde is werkende honde, so kinders moet nie sonder toestemming een streel of vertroetel nie.
- Ons hoef nie vir gidshonde bang te wees nie.
- Dit is baie duur om 'n gidshond op te lei.

## KLANKE — Skryf die woord reg oor

**bl. 67** **15 min**




**Oefen om letters vinnig te benoem**
- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal. Behou die pas.

**Doen die aktiwiteit** Loop deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer/Sien die aktiwiteit na**


## LEES — Woordeskat en Taal

**15 min**




**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die LAB.
- Plaas die flitskaarte op die woordmuur en lees dit weer.
- Maak mondelings nuwe sinne met die woorde.

**Sinstrook**
- Lees weer die week se sinstrook.
- Watter woord sê vir ons dit het in die verlede gebeur? (*gekry*)
- Watter woord sê vir ons dat dit nou gebeur? (*kry*)
- Maak 'n ander sin met gekry.



## SKRYF Leesbegrip

bl. 68

15 min

**Hersien** Herlees die storie van *Sipho se nuwe oë*.

**Leerders beantwoord die vrae** Moedig hulle aan om die antwoorde in die storie te vind.



DATUM

Leesbegrip

Lees Sipho se nuwe oë. Beantwoord die vrae.

1 Soos wat het die getalle op die bord vir Sipho gelyk?
○ 'n hond ○ 'n koei ○ 'n vark


2 Merk die regte antwoord.
○ Die juffrou het vir Sipho gesê om voor in die klas te gaan sit.
○ Die juffrou het vir Sipho gesê om die klas te verlaat.

3 Waar het Sipho se dokter die lig geskyn?
○ in Sipho se oë ○ in Sipho se ore ○ in Sipho se keel

4 Skryf Ja of Nee.
Sipho was opgewonde toe hy sy bril gekry het.
Sipho was hartseer toe hy sy bril gekry het.

5 Was Sipho se juffrou gelukkig?

68 · WEEK 6 · DONDERDAG



## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

**Handskrif**


- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**

- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.







## UITVOERENDE KUNSTE Voer 'n liedjie op

30 min

**Inleiding** Herinner die leerders aan die liedjie wat hulle die vorige dag hard en sag gesing het om gevoel en uitdrukking te skep.

**Groepe**

- Kies 'n ander liedjie wat die groep goed ken.
- Besluit watter dele moet sag en watter dele moet hard gesing word.
- Oefen buite.

**Voer op** Laat een groep op 'n keer vir jou optree.

**Evalueer** Prys en gee applous aan elke groep.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**





## LUISTER EN PRAAT Teleskope

Teleskope gebruik lense en spieëls om dinge wat ver is te laat lyk of dit naby is. Teleskope word gereeld gebruik om na die sterre te kyk.

Ongeveer 500 jaar gelede het 'n Italianer genaamd Galileo Galilei 'n teleskoop gebou om na die planete te kyk. Hy het ontdek dat die planete om die son beweeg.

Suid-Afrika het 'n groot teleskoop genaamd SALT (die Engelse afkorting vir Suid-Afrikaanse Groot Teleskoop) in Sutherland, 'n dorp in die Noord-Kaap. Dit is in die middel van die Karoo. Die lug is baie skoon daar, so dit is maklik om die sterre deur die teleskoop te sien.

**Pare** Vertel wat jy uitgevind het.

**Deel**
- Vra 'n leerder om met die klas te deel.
- Praat oor wat jy uitgevind het.

bl. 64
15 min






## AANVANGSKENNIS Teleskope

**Skryf en teken oor wat jy uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.

15 min





## KLANKE Diktee

**Dikteewoorde**
- Spreek elke woord duidelik en stadig uit.
- Herhaal dit slegs een maal.

**Skryf in oefenboek**
- Gee die leerders tyd om elke woord te skryf.
- Hulle moet dit in hul beste handskrif doen.

**Kontroleer en korrigeer** Skryf die woorde op die bord vir die leerders om te merk.

15 min


woud

bou

vou

fout

sout



## SKRYF ASSESSERING 2 'n Besoek aan die dokter


- Sê vir die leerders dit is vir assessering en dat dit gemerk word. Herinner hulle om hul beste skryfwerk te gebruik en spelling en leestekens na te gaan.



**Dinkskrum**
- Herlees die Gedeelde Skryf-storie van Dinsdag.
- Die leerders kies hul eie karakters vir 'n nuwe storie.

**Skryf**
- Die leerders voltooi die skryfraam met hul eie storie.
- Hulle teken 'n prent om hul storie te illustreer.

**Sien na:**
Sien bl. 111
**Punte:** 10


OG
bl. 117
15 min



## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min





**Handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees hul Onafhanklike Skryf in pare vir mekaar.
- Sê aan jou maat waarvan jy gehou het van hul skryfwerk.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam met die leerders deur hierdie week se DBO-werkboekaktiwiteite.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.



## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

30 min




**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde in hul oefenboeke skryf.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Wat ons nodig het om te lewe



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| gesond | kos | energie | sterk | vitamiene |
|---|---|---|---|---|

**Sinstrook**


Gesonde kos help ons om te groei.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. **Lees in pare** LAB bladsy 85
2. **Handskrif 1** D B P U J
3. **Handskrif 2** Bes het 'n uil in haar tuin.
4. **Handskrif 3** Vorms
   sirkels halfsirkels vierkante driehoeke reghoeke
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 51
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 55
7. **DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid** bladsy 28
8. **Woordeboek**
   gesond kos energie sterk vitamiene

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Papierborde of sirkels geknip uit afvalkarton
- Gom
- Velle A4-papier
- Verf, kryte of viltpenne
- Velle A3-papier
- Papier of meel en watergom/ gomstiffie
- Ou tydskrifte/plakkate/ supermarkkosadvertensies
- Apparaat vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Wat het ons nodig om gesond te wees?

Wat het ons nodig om 'n **gesonde** lewe te lei? Ons moet gesonde kos eet, vars water drink, skoon lug inasem en buite in die sonlig oefen.

Gesonde kos help ons om te groei. Dit gee vir ons energie en verhoed dat ons siek word. Ons moet elke dag 'n **gebalanseerde dieet** eet. Daar is verskillende soorte kosse. Ons noem dit voedselgroepe. Proteïene soos vleis, vis, hoender, bone, eiers en melkprodukte help om ons bene sterk te maak. Stysel soos pap, rys en brood gee vir ons energie om rond te hardloop. Vrugte en groente gee ons vitamiene om ons gesond te hou.



Water is 'n belangrike deel van 'n gesonde dieet. Ons moet elke dag ongeveer 1 liter water drink. Water hou ons koel. Dit help ook die liggaam om kos te verteer. Jy moet altyd skoon water drink anders sal jy siek word.

Water uit krane en tenke is veilig. Water uit riviere en damme moet eers **gesteriliseer** word voordat jy dit mag drink. Daar is verskillende maniere om water te steriliseer. Jy kan dit kook of 'n waterfiltreerder gebruik. Grootmense kan ook 'n klein hoeveelheid bleikmiddel by die water voeg.

Ons moet elke dag tyd buite spandeer. Ons liggame het sonlig nodig om ons sterk te maak. Die son help ons liggaam om 'n vitamien te maak om ons bene sterk te hou. Ons moet vars lug inasem en gereeld oefen. Ons moenie heeldag binne bly en TV kyk nie.

## WOORDESKAT

**gesond** – sterk, nie siek nie

**gebalanseerde dieet** – om die regte hoeveelhede van verskillende soorte kosse te eet om jou liggaam gesond te hou

**gesteriliseer** – om iets kiemvry te maak

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Wat het ons nodig om gesond te wees?*

OG bl. 69
15 min



**Voor lees** Verduidelik dat dit 'n feitelike teks is en gaan oor dinge wat ons nodig het om gesond te bly.

**Lees**
- Lees die teks hardop.
- Terwyl jy lees, luister leerders om vier goed te vind wat ons moet doen om gesond te bly.

**Na lees**
Watter vier goed, volgens die teks, het ons nodig om gesond te wees?

## AANVANGSKENNIS Die kos wat ons eet

bl. 77
15 min




**Bestaande kennis** Watter kos eet jy die meeste? Is dit gesonde kos?

**Nuwe kennis**
- Party kosse help om ons gesond te hou – dit is die kosse wat ons elke dag moet eet.
- Daar is ander kosse waarvan ons hou, maar wat ons nie sterk maak nie. Hierdie kosse moet ons net af en toe eet.

**Lees die bladsy** Lees die teks vir en saam met die leerders. Kyk na die prente.

## KLANKE Hersiening: ui-klank

bl. 78
15 min




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank** Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare** Lees die klankgrepe en woorde.

## LEES *Wat het ons nodig om gesond te wees?*


bl. 71–73
15 min




**Prentloop** Wat kan jy in elk van die prente sien?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders** Die leerders wys met hulle vingers na die woorde.

**Begriplees bladsy 71–73**
- Op bladsy 71, wys na die laaste sin. Tel die aantal dinge wat ons moet doen om gesond te wees.
- Op bladsy 72, is daar drie goed wat gesonde kos doen. Wys na die drie goed (*groei, energie, hou ons gesond*)
- Op bladsy 73, wys na die name van die drie groepe gesonde kosse (*proteïene, stysel, vrugte en groente*)
- Van watter voedselgroep hou jy die meeste?



## HANDSKRIF ASSESSERING 1 Nuus

15 min

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare:** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks nuus te vertel.


**Individueel**


- Leerders skryf hul eie nuus in hul oefenboeke.
- Sê vir die leerders dat dit vir assessering is en dat hulle in hul beste handskrif moet skryf.


**Herinner hulle om:**

- Hoofletters en punte te gebruik.
- Regte spasiëring tussen letters en woorde te gebruik.
- Die woorde op die lyne te skryf.

**Sien na:**
Sien bladsy 110
**Punte:** 5





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

**Handskrif**


- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**

- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.







## VISUELE KUNSTE Versier 'n papierbord

30 min

**Beplan**


- Leerders kies helderkleurige bladsye uit tydskrifte en skeur dit in stroke van omtrent 2 cm breed.
- Hulle sorteer die papier volgens die kleure wat hulle verkies om te gebruik.

**Versier die borde**

- Leerders plak stroke van die tydskrifpapier op hulle borde om die een kant heeltemal te bedek.
- Die stroke moet volgens 'n ontwerp wees waarvan hulle hou.
- Laat die bord droog word.

**Vertoon**





## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

30 min

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Die leerders rolspeel die aktiwiteite.

**Heelklasaktiwiteit** Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, aan-aan, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## WELSTAND (PSW) — Oplettende ek

15 min

- Herinner leerders dat lag 'n goeie manier is om te ontspan en dat dit ook ons brein gesond hou.
- Laat die leerders in pare vir mekaar iets snaaks wat met hulle gebeur het, vertel.
- Vra aan een of twee leerders om aan die klas hul snaakse storie te vertel.



## AANVANGSKENNIS (PSW) ASSESSERING 2 — Die kos wat ons eet

OG bl. 118

15 min

**Individueel**

- Verduidelik dat hierdie aktiwiteit vir assessering is en nagesien gaan word.
- Leerders werk individueel en in stilte.

**Opdrag**

- Sorteer die prente in "Daaglike kos" en "Af-en-toe-kos".
- Trek 'n lyn vanaf elke prent na die regte opskrif.

**Sien na:**
Sien bladsy 112
**Punte:** 10




## KLANKE — Kies die regte woord

bl. 79

15 min

**Oefen om klanke vinnig te benoem**

- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Die leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal. Behou die pas.

**Doen die aktiwiteit** Stap deur die klas en bied ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer/Sien die aktiwiteit na**




## LEES — Sinsbou

bl. 119

15 min

**Knip uit** Die leerders knip die sinstrook op bladsy 119 uit.

**Lees die sin saam** Watter leestekens word in hierdie sin gebruik?

**Vra vrae oor die sin**

- **Wat?** *gesonde kos*
- **Doen wat?** *help*
- **Wie?** *ons*
- **Doen wat?** *groei*

**Leerders knip die woord/woordgroepe vir elke vraag uit**
Skommel en herstruktueer die sin.

**Die leerders plak die sin** in hul oefenboeke.



## GEDEELDE SKRYF

**Skryf 'n lys in paragraafvorm**

**Dinkskrum**

- Wat is jou gunstelingkosse?
- Wat is daaglikse kosse?
- Wat is af-en-toe-kosse?

**Skryf 'n lys in paragraafvorm**

- Gebruik 'n komma tussen elke woord in 'n lys.
- Gebruik die woord **en** tussen die laaste twee woorde in die lys, bv. brood, pasta, pizza en pap.

**Gedeelde Skryf**

- Skryf 'n kort paragraaf op die bord deur 'n skryfraam te gebruik.
- Gebruik die regte leestekens.

**15 min**




## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

**5 min + 30 min**

**Handskrif**


- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**

- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.





## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1

**30 min**

### 'n Prent van gunstelingkosse

**Berei voor**

- Gee aan elke leerder 'n vel A4-papier, asook verf, kryte of viltpenne.
- Sê dat dit 'n assessering is.
- Skryf hulle name bo-aan die papier.

**Teken 'n prent** Die leerders teken 'n prent van hul gunstelingkos deur die hele vel papier te gebruik.

**Sien na:**
Sien bladsy 113
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**30 min**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.


**Koel af**



## WOENSDAG

### WELSTAND (PSW) Ek dink, ek voel ...

30 min



**Vraag** Hoekom hou jy daarvan om gesond te wees?

**Pare** Bespreek die vraag.

**Deel** Kies twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elkeen deur die loop van die kwartaal 'n kans).

### AANVANGSKENNIS Die son

bl. 80
15 min




**Bestaande kennis** Vra aan die leerders wat hulle gedurende die dag in die lug kan sien. In die aand?

**Lees die bladsy** Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Praat oor die vraag**
- Hoe gaan jy die antwoord vind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.

### KLANKE Woordfamilie: -ui

bl. 81
15 min




**Stel bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Lees die voorbeeldwoord.

**Bou woorde** Bou 'n paar woorde met die klank en sê dit.

**Op jou eie en in pare**
- Die leerders bou nog rymwoorde.
- Die leerders sê al die rymwoorde vir hulle maat.
- Die leerders kan nog woorde verskaf.

### LEES *Wat het ons nodig om gesond te wees?*


bl. 71–73
15 min




**Lees saam** Lees bladsy 71–73 van *Wat het ons nodig om gesond te wees?* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe** In groepe van drie, neem beurte om elkeen een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik** Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.



## SKRYF My daaglikse spyskaart


15 min




**Hersien hoe om lyste te skryf**
- Gebruik 'n komma tussen elke woord.
- Gebruik die woord **en** tussen die laaste twee woorde.

**Dinkskrum woordeskat** Watter kosse word byna altyd vir ontbyt, middagete en aandete geëet?


**Skryf en teken**
- Voltooi die skryfraam.
- Die leerders illustreer hul lyste met prente van een soort kos per maaltyd.





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min



**Handskrif**
- Kyk na 'n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.

**Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Sing vinnig en stadig

30 min



**Stel bekend**
- Vra aan die leerders om aan 'n liedjie te dink wat hulle ken wat stadig is.
- Dink aan 'n vinnige liedjie.

**Berei 'n liedjie voor**
- Kies 'n welbekende liedjie.
- Besluit watter versies vinnig en water versies stadig gesing moet word.

**Sing** Sing die liedjie saam.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT **Sing/resiteer**

15 min

Hierdie liedjie kan aangepas word om by 'n welbekende wysie bv. *Die wiele van die bus*, te pas.

> Die hande op die klok gaan om en om
> Om vir ons die tyd te sê
> Die klok sê dit is tyd om op te staan
> Om 6 uur
> Die klok sê dit is tyd vir skool toe gaan
> Om 8 uur
> Die klok sê dit is tyd vir middagete
> Om 12 uur
> Voeg aksies en versies by soos verkies.



## AANVANGSKENNIS **Speel buite**

bl. 82
15 min

**Bestaande kennis** Herinner leerders daaraan dat, alhoewel ons sonlig nodig het om gesond te bly, ons nie die son ons vel moet laat brand nie.

**Lees die bladsy**
- Wat sien ons in die prent?
- Wat doen die kinders?
- Hoe is hulle aangetrek?

**Bespreek die prent en die sinne** Vind die deel van die prent wat by elke sin pas.





## KLANKE **Skryf jou eie sin**

bl. 83
15 min

**Oefen om klanke vinnig te benoeming**
- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Die leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal. Behou die pas.

**Doen die aktiwiteit** Stap deur die klas en bied ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer/Sien die aktiwiteit na**





## LEES **Woordeskat en Taal**

15 min

**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die LAB.
- Plaas die flitskaart op die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook op bladsy 115 in die LAB.
- Breek die woord "gesond" in klankgrepe op (*ge-sond*). Klap die klankgrepe.
- Skryf woorde neer wat met ge- begin (*geëet, gesteriliseer, gefiltreer*).





## SKRYF Verbeter ons skryfwerk


15 min


**Bespreek Gedeelde Skryf**
- Lees 'n sin van Dinsdag se Gedeelde Skryf vir die leerders.
- Wys hoe om die sin meer interessant te maak deur, bv. byvoeglike naamwoorde, beskrywings of interessante werkwoorde te gebruik.


**Lees** Die leerders lees 'n sin van hul skryfwerk van die vorige dag aan 'n maat.

**Kontroleer en verbeter**
- Die leerders kontroleer die spelling van woorde en leestekens in die sinne.
- Kan jy jou sinne nóg meer interessant maak?

**Ruil om en herhaal die oefening**








## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

**Handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.







## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

15 min

### Sing hard en sag


**Inleiding** Herinner die leerders aan die liedjie wat hulle die vorige dag gesing het.

**Groepe**
- In groepe van vier of vyf, kies die leerders 'n ander liedjie wat hulle goed ken.
- Hulle besluit watter dele hard en watter dele sag gesing moet word.
- Die groepe gaan na buite om te oefen.

**Voer op** Roep een groep op 'n keer om vir jou op te tree.

**Sien na:** Sien bladsy 114
**Punte:** 5





## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

30 min

### Gebruik van benodigdhede

**Verduidelik die aktiwiteit**
- Sê vir die leerders dat hulle in pare gaan werk. Staan en kyk na mekaar, omtrent 1,5 m van mekaar.
- Elke paar het 'n bal. Een maat moet die bal gooi en die ander maat moet dit terugslaan met hul hande of 'n spaan. Met hulle dominante hand moet hulle die bal onderdeur hul arms gooi en liggies slaan.
- Hulle maak beurte om te gooi en te slaan.

**Demonstreer die aktiwiteit** met 'n leerder

**Doen die aktiwiteit**
- Die leerders oefen in pare om te gooi en te slaan.
- Stap tussen die leerders en neem elke paar waar.

**Sien na:** Sien bladsy 115
**Punte:** 10



## VRYDAG

### LUISTER EN PRAAT — Die son

**bl. 80**
**15 min**




Die sonnestelsel is die naam wat ons vir die son en die planete wat om hom wentel, gee.

Die son is in die middel van die sonnestelsel. Dit is ’n ster. Ons planeet word Aarde genoem. Dit neem 365 dae vir die aarde om om die son te beweeg. Die son gee energie aan alles op die aarde.

**Pare** Vertel wat jy uitgevind het.

**Deel**
- Vra ’n leerder om met die klas te deel.
- Praat oor wat jy uitgevind het.

### AANVANGSKENNIS — Die son

**15 min**



**Skryf en teken oor wat jy uitgevind het**
- Skryf iets neer wat jy geleer het.
- Teken ’n prent.

### KLANKE — Spoedlees woorde

**bl. 84**
**15 min**


DATUM

Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| been | beet | loop | tuin | rook |
| leer | woud | huis | weer | hoog |
| toon | beer | noot | geel | boud |
| boos | kool | sout | oop | bees |
| maag | vuil | vuur | suur | aap |
| haas | koud | duur | nuus | muis |
| haan | raas | dief | houd | boek |
| koek | tier | suig | boer | vier |
| hoes | fout | dief | ruit | siek |
| mier | soet | sien | goud | stoel |

Hoogste telling: ........ woorde per minuut

84 • WEEK 7 • VRYDAG

**Pare lees die woorde**
- Die leerder lees vir 1 minuut vir ’n maat.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**
- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hulle beste telling op die lyn.
- Wys uit dat jy meer woorde lees met meer oefening.

### SKRYF ASSESSERING 3 — My gunstelingkos



**OG bl. 119**
**15 min**




**Hersien**
- Herlees die Gedeelde Skryf-teks van Dinsdag.
- Herinner die leerders aan hul daaglikse kosse en af-en-toe-kosse.
- Herinner die leerders om kommas te gebruik wanneer hulle ’n lys skryf.


**Skryf**
- Sê vir die leerders dat dit ’n assessering is.
- Hulle skryf ten minste drie items as daaglikse kos en drie items as af-en-toe-kos.
- Sê wat jou gunstelingkos is en skryf ‘n sin oor hoekom jy daarvan hou.

**Sien na:**
Sien bladsy 111
**Punte:** 10

## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min




**Handskrif**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.


**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle GBL doen.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.




## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees** Die leerders lees in pare hul spyskaarte vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam met die leerders deur hierdie week se DBO-werkboekaktiwiteite.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

30 min



### Beweging

**Verduidelik die aktiwiteit**
- Deel die leerders op in kleiner groepe van ses. Verduidelik dat jy een groep op 'n keer sal roep vir assessering.
- Kies 'n aktiwiteit op bladsy 5 vir die groepe om te doen.

**Instruksies**
- Gee die instruksies aan een groep op 'n keer. Laat 30 sekondes toe vir elke beweging (5 min per groep).
- Staan 'n armlengte uit mekaar. Doen wat ek sê.
- Spring, bene bymekaar.
- Hop op een been, hop op die ander been.
- Staan stil op een been, staan stil op die ander been.
- Spring tou op die plek.
- Spring met bene wyd oop en toe.

**Sien na:**
Sien bladsy 115
**Punte:** 10


## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Wat ons nodig het om te lewe



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| water | koel | skoon | sonlig | asemhaal |
|---|---|---|---|---|

**Sinstrook**


Ons liggame het sonlig nodig om sterk te word.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. **Lees in pare** LAB bladsy 92
2. **Handskrif 1** C O G Q S
3. **Handskrif 2** Sannie en Gertjie is lief vir brei.
4. **Handskrif 3** Vrugte
   appels lemoene piesangs aarbeie pynappels druiwe
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 63
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 65
7. **DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid** bladsy 30–31
8. **Woordeboek**
   water koel skoon sonlig asemhaal

## BENODIGDHEDE

- Materiaal wat nie uitrafel nie, bv. T-hemp-materiaal of tussenvoering
- Rek of lint
- Materiaalgom
- Blinkers, kant, lint, of enige ander versierende items, of spelde
- Skêre
- Apparaat vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Dora se gesonde dag

**Vroeg** in die oggend maak Dora se suster, Ayanda, vir Dora en haar klein boetie, Thami, wakker. Sy sê: "Dit is sesuur! Tyd om op te staan en reg te maak vir skool!"



Ayanda het 'n horlosie, so sy weet hoe laat dit is.

Dora hardloop na die wasbak – sy hou daarvan om eerste daar te wees. Thami soek sy klere. Hy het dit nie die vorige aand weggepak nie en nou is dit onder die bed. Ayanda borsel haar tande.



Mamma roep: "Dit is halfsewe! Maak gou en eet julle pap voordat dit koud word."

"Mag ek asseblief 'n piesang kry?" vra Ayanda. Dora en Thami eet appels en drink hulle tee.

"Dankie vir ons gesonde ontbyt," sê die kinders.



Ayanda gaan met 'n taxi skool toe, maar Dora en Thami stap skool toe. "Wees versigtig wanneer julle die pad oorsteek," sê Mamma.


By die skool doen Dora Wiskunde, Lees en Skryfwerk. Teen elfuur lui die klok en die tannies bring 'n groot bak met hoender, rys en groente om te eet. Hoender is Dora se **gunsteling**gereg. Sy was haar bord en lepel versigtig voordat sy terug klas toe gaan.



Na skool speel Dora buite saam met haar vriende. Om halfdrie kom haal Thami haar. "Dit is tyd om huis toe te gaan," sê hy. "Het jy al jou goed?"

Toe hulle by die huis kom, is hul mamma nog steeds by die werk. "Kan ek TV kyk?" vra Dora.

"Dit is nou eers drie-uur," sê Ayanda. "Geen TV tot later nie! Het jy enige huiswerk waarmee ek jou kan help?" Dora kleur 'n prent in haar werkboek in en daarna lees sy 'n storie. Thami het Wiskunde-huiswerk. Ayanda probeer 'n storie in Engels skryf. Sy lees dit vir die ander.



"Jippie! TV-tyd!" skree Dora om vieruur. Sy kyk strokies en lag en lag. Teen vyfuur kom Mamma in die pad af met twee sakke **kruideniersware**. Dora help haar om een sak te dra.

Na aandete maak Dora, Thami en Ayanda gereed om bed toe te gaan. Hulle borsel hul tande om sewe-uur.

Dora gaan eerste bed toe, want sy is die jongste. Teen agtuur is sy vas aan die slaap. "Lekker slaap, Dora."

## WOORDESKAT

**vroeg** – die eerste deel van die dag

**gunsteling** – iets waarvan jy die meeste hou

**kruideniersware** – kos wat jy by die winkel koop

## MAANDAG

### HARDOPLEES *Dora se gesonde dag*

OG bl. 81
15 min



**Voor lees** Vra vir die leerders wat is die eerste ding is wat hulle in die oggend, gedurende die dag of aand doen.

**Lees**
- Lees die storie hardop en vra vrae.
- Die leerders wys na elke prent op bladsy 134 in die LAB terwyl jy daaroor lees.

**Na lees**
- Hoeveel kinders is daar in Dora se familie? Wie is die oudste?
- Watter dinge doen Dora soggens voor skool? En saans?
- Hoekom loop Dora en Thami skool toe?
- Hoekom sê Ayanda vir Dora om nie TV te kyk nie?

### AANVANGSKENNIS Gesonde leefstyl

bl. 86
15 min





**Bestaande kennis** Wat is 'n gewoonte?

**Lees die bladsy**
- Lees die woorde in die middel van die ster.
- Kyk na die prente.

**Bespreek**
- Watter dinge kan jy sien wat ons gesond hou?
- Hoe kan hierdie ses gewoontes ons gesond hou?
- Watter gewoontes is ongesond? (*elke dag lekkers te eet, te laat bed toe gaan, te veel TV kyk*)

### KLANKE Hersiening: ei-klank

bl. 87
15 min




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank** Die leerders mag nog woorde gee.

**Pare** Die leerders lees die klankgrepe en woorde.

### LEES *Wat het ons nodig om gesond te wees?*


bl. 71–76
15 min




**Prentloop** Wat kan jy in elk van die prente sien?


**Lees die hele storie vir en saam met die leerders** Die leerders wys met hulle vingers na die woorde.

**Begriplees**
- Op bladsy 74, vind twee woorde wat vir ons sê hoe water ons help. (*koel, verteer*)
- Op bladsy 75, vind die woorde wat vir ons sê watter water veilig is. (*krane, tenke*) Vind woorde wat vir ons sê watter water is nie veilig nie. (*riviere, damme*)
- Op bladsy 76, watter woorde sê vir ons wanneer ons buite moet speel? (*elke dag*)
- Hou jy daarvan om in die son te speel? Hoekom of hoekom nie?



## SKRYF **Nuus**

**15 min**





**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus** (*nuus oor die vakansie, die naweek, 'n sportspan, 'n TV-program*)


**Pare** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus** in oefenboeke.

Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.




## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES



**Handskrif en Onafhanklike Werk**

- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle besig is met Lees en Begrip Assessering.
- Doen Lees- en Begripassessering met een GBL-groep per dag.

**5 min + 30 min**



## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1



### Groep A

- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul storiebboek.
- Roep hulle een vir een om te luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na elke kind se lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle lees.


**Sien na:**
Sien bladsy 109
**Punte:** 10



## VISUELE KUNSTE **Maak 'n gesigmasker**

**bl. 121**

**30 min**



**Beplanning**

- Gaan na bladsy 121.
- Beplan hoe om die gesigmasker te versier of daarop te teken.

**Maak**

- Knip die patroon versigtig uit. Indien materiaal beskikbaar is, moet die onderwyser die papierpatroon gebruik en 'n masker vir elke leerder uitknip.
- Versier die masker met blinkers, kant en lint of teken daarop met materiaalpenne.
- Sny stukke rek/lint uit om die masker vas te hou, of sny twee stroke papier om die oorstukke te maak. Heg aan.



## LIGGAAMSOPVOEDING **Inleiding**

**30 min**



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Die leerders rolspeel die aktiwiteite.

**Heelklasaktiwiteit** Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, aan-aan, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## DINSDAG

### WELSTAND (PSW) Oplettende ek

15 min



- Die leerders sit in 'n sirkel. Hulle glimlag vir die leerder aan hul regterkant.
- Hulle "gee die glimlag aan" vir die leerder langs hulle, deur na hulle te kyk en te glimlag. Die leerders gee die glimlag reg rondom die sirkel aan.
- Jy kan ook 'n frons, oogknip, knik of enige ander gesigsuitdrukking aangee.
- Praat oor gevoelens en wat ons gesigte doen wanneer ons nie dieselfde oor iets voel nie.
- Hierdie speletjie help met die ontwikkeling van oogkontak, hoe om beurte te maak en om oor gevoelens te dink.

### AANVANGSKENNIS (PSW) ASSESSERING 3

OG bl. 120
15 min




#### Gesond of ongesond?

**Individueel**

- Verduidelik dat hierdie aktiwiteit vir assessering is en nagesien gaan word.
- Leerders werk individueel en in stilte.

**Sien na:**
Sien bladsy 112
**Punte:** 5

**Instruksies**


- Leerders luister aandagtig soos die onderwyser elke sin lees.
- Is dit gesond of ongesond? Kleur die gesonde gewoonte groen in. Kleur die ongesonde gewoonte rooi in.

**Lees terwyl leerders luister**

- Lees elke sin stadig. Herhaal indien nodig. Maak seker dat jy die nommer van die blokkie gee om met begrip te help.
- Leerders kleur die blokkies óf rooi óf groen in.

### KLANKE ASSESSERING 1 Skryf en voltooi woorde

OG bl. 121
15 min




**huis suur dief hoes woud**

**Skryf die woorde in blok 1–5**

- Sê vir die leerders dat dit 'n toets is.
- Sê die woorde hardop een op 'n slag.
- Die leerders skryf die woorde in die blokke.


**Voltooi die woorde**

- Die leerders voltooi die woorde deur die ontbrekende klanke neer te skryf.

**Sien na:**
Sien bladsy 108
**Punte:** 10

### LEES EN BEGRIP ASSESSERING 2 Sinsbou

bl. 119
15 min




**Knip uit** Leerders knip die sinstrook op bladsy 119 uit.

**Lees saam die sin**


**Vra vrae oor die sin**

- **Wat?** *ons liggaam*
- **Wat?** *benodig*
- **Wat?** *sonlig*
- **Hoekom?** *om*
- **Woorde wat vir ons liggame staan?** *dit*
- **Hoe moet die liggaam wees?** *sterk*

**Leerders knip die woord/woordgroepe vir elke vraag uit** Skommel en herstruktueer die sin.

**Die leerders plak die sin** in hul oefenboeke. Neem in om te merk.

**Sien na:**
Sien bladsy 109
**Punte:** 5



## GEDEELDE SKRYF

**Skryf oor hoe om gesond te wees**

15 min


**Inleiding**
- Gesels oor die gewoontes vir 'n gesonde lewe.

**Wys hoe die sinne begin word**
- Ons gaan sinne skryf wat met hierdie woorde begin.

**Dinkskrum** idees oor gesond wees.


**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die woorde waarmee die sinne begin om 'n paar leerders se idees in volsinne neer te skryf, bv.
  Ek kan gesond wees deur elke dag vrugte en groente te eet.
  Ek kan gesond wees deur vroeg te gaan slaap.







## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

**Handskrif en Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Doen Lees- en Begripassessering met een GBL-groep per dag.



5 min + 30 min



## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1

**Groep B**
- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul storieboek/gegradeerde boek.
- Roep hulle een vir een om te luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na elke kind se lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle lees.

**Sien na:**
Sien bladsy 109
**Punte:** 10





## VISUELE KUNSTE


**Voltooi 'n gesigmasker**

30 min

**Maak**
- Die leerders voltooi die gesigmasker wat hul Maandag begin het.

**Demonstreer en vertoon**
- Vertoon die gesigmaskers of hou 'n mode-parade .
- Die leerders gee kommentaar op mekaar se werk.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**



# WOENSDAG


## WELSTAND (PSW) Ek dink, ek voel ...

15 min

**Onderwerp**
My gunstelingtyd van die dag is __________ omdat __________.

**Pare** Die leerders reageer op die stelling.

**Deel** Kies twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elke leerder 'n kans deur die loop van die kwartaal).



## AANVANGSKENNIS Besoedeling

bl. 88
15 min

**Bestaande kennis** Vra vir die leerders wat met die vullis by hul huise gebeur.

**Lees die bladsy** Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Praat oor die vraag**
- Hoe gaan jy die antwoord vind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.





## KLANKE Woordfamilie: ei

bl. 89
15 min

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Lees die voorbeeldwoord.

**Bou woorde** Bou 'n paar woorde met die klank en sê dit.

**Op jou eie en pare**
- Die leerders bou nog rymwoorde.
- Die leerders sê al die rymwoorde vir hulle maat.
- Die leerders kan nog woorde verskaf.




## LEES *Wat het ons nodig om gesond te wees?*


bl. 71–73
15 min

**Lees saam** Lees bladsy 71–73 van *Wat het ons nodig om gesond te wees?* vir en saam met die leerders.

**Lees in groepe** In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklike** Die leerders fluister-lees die laaste drie bladsye van die storie.





## SKRYF Bly gesond


**Berei voor**
Kopieer die sinbeginner op die bord.

**Lees**
- Lees die begin van die sinne saam met die leerders.
- Herlees die Gedeelde Skryf van Dinsdag.

**Skryf** Die leerders skryf hul eie drie sinne deur die begin van sinne te gebruik.

15 min








## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

**Handskrif en Onafhanklike werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Doen Lees- en Begripassessering met een GBL-groep per dag.

5 min + 30 min





## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1 Groep C

- Leerders fluister-lees 'n storie uit hul storieboek of gegradeerde leesboek.
- Roep hulle een vir een om te luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na elke kind se lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle lees.

**Sien na:**
Sien bladsy 109
**Punte:** 10





## UITVOERENDE KUNSTE Groepstorie

30 min

**Warm op - aseming vars lug in**
- Oefen om diep asem te haal, en gebruik maagspiere om die asem te beheer.
- Hou in vir 10 sekondes en blaas uit. Herhaal.

**Groepe van 6-8**
- Begin 'n storie, bv. Ek het mark toe gegaan en 'n piesang gekoop.
- Die volgende leerder herhaal die eerste item en voeg 'n ander item by, bv. Ek het mark toe gegaan en 'n piesang en 'n hoender gekoop.
- Doen die aksies, bv. skil die piesang en klap arms soos vlerke.
- Gaan voort, voeg items en aksies by.

**Koel af** Lê en herhaal die asemhalingsoefening.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## DONDERDAG

### LUISTER EN PRAAT — Sing/sê op

**15 min**



Hierdie liedjie kan aangepas word by 'n welbekende wysie, bv. *Ek hoor die donderweer*. Voeg aksies en addisionele versies oor gesonde gewoontes by soos verkies.

Ek is gesond, ek is gesond
So ook jy, so ook jy
Ek eet baie gesonde kos, ek eet baie gesonde kos
So ook jy, so ook jy

Ek is gesond, ek is gesond
So ook jy, so ook jy

Ek gaan saans vroeg bed toe, ek gaan saans vroeg bed toe
So ook jy, so ook jy

Ek is gesond, ek is gesond
So ook jy, so ook jy
Ek bly koel in die son, ek bly koel in die son
So ook jy, so ook jy

### AANVANGSKENNIS — Dora se gesonde dag

**bl. 90**
**15 min**





**Bestaande kennis** Watter dinge doen jy elke skooldag?

**Lees die bladsy** Kyk na en bespreek die prente met die leerders.

**Praat oor tyd**
- Vra vir die leerders watter tyd hulle dink Dora elkeen van die aktiwiteite in die prent doen: maak gereed vir skool; skool begin; pouse; speel speletjies; doen huiswerk; gaan bed toe.
- Vra watter tyd hulle elkeen van hierdie aktiwiteite doen.

### KLANKE — Skryf die woord reg oor

**bl. 91**
**15 min**




**Oefen om klanke vinnig te benoem**
- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Die leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal en behou die pas.

**Doen die aktwiteit** Stap deur klas en bied ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer/Sien die aktiwiteit na**


### LEES — Woordeskat en Taal

**15 min**




**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woord in die LAB.
- Plaas die flitskaarte op die woordmuur en lees dit weer.

**Sinstrook**
- Kyk na die woord sonlig. Kan jy klein woorde kry wat in die groot woord wegkruip?
- Sê die twee dele van die woord: son en lig . Voeg hulle saam om een woord te vorm.
- Kan jy aan enige ander woorde dink wat twee dele het? (*voetbal, reënboog, pannekoek*)



## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 3

### Leesbegrip

**Inleiding** Sê vir die leerders dat dit vir assesering is.

**Hersiening** Herlees die storie *Wat het ons nodig om gesond te wees?*

**Antwoord die vrae**

- Die leerders werk individueel om die begripsvrae wat op die teks gebaseer is te beantwoord.

**OG bl. 122**

**15 min**

**Sien na:**
Sien bladsy 109
**Punte:** 10



NAAM DATUM

Leesbegrip

**Lees** Wat het ons nodig om gesond te wees?
**Merk die korrekte antwoorde.**

1. Wat het ons nodig om gesond te lewe?
   - ○ ongesonde kos ○ skoon water ○ gesonde kos
   - ○ oefening ○ sonskyn ○ skoon lug
2. Hoekom moet ons vrugte en groente eet?
   - ○ Dit laat ons bene en spiere sterk groei.
   - ○ Dit gee vir ons liggame vitamiene.
   - ○ Dit gee vir ons energie.
3. Waar kry ons veilige drinkwater?
   - ○ damme ○ krane ○ riviere
4. Hoekom het ons sonlig nodig?
   - ○ Dit maak ons liggame sterk.
   - ○ Dit maak ons dors.
   - ○ Dit maak ons honger.
5. Is jy gesond? ______


122 Week 8 • Donderdag LEES EN BEGRIP ASSESSERING 3




## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

**Handskrif en Onafhanklike werk**

- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Doen Lees- en Begripassessering met een GBL-groep per dag.



**5 min + 30 min**



## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1 Groep D

- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul storieboek.
- Roep hulle een vir een om te luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na elke kind se lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle lees.

**Sien na:**
Sien bladsy 109
**Punte:** 10





## UITVOERENDE KUNSTE Tyd vir dans

**30 min**

**Warm op**

- Die leerders sit in 'n kring met hul bene voor hulle uitgestrek.
- Sirkel enkels kloksgewys en anti-kloksgewys. Buig voete en knieë.

**Dans**

- Kies 'n bekende liedjie wat met 'n maat gedans kan word, bv. *Jan Pierewiet.*
- Die leerders vorm twee konsentriese kringe en dans met hul maats, terwyl hulle sing.

**Ontspan** Die leerders asem stadig in en uit en dink aan die vars lug wat hul liggame binnegaan om dit sterk en gesond te maak.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**30 min**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**



## LUISTER EN PRAAT Besoedeling

bl. 88
15 min

Besoedeling is wanneer goed soos gasse, vullis, plastiek, rook en chemikalieë begin om diere, plante en mense te benadeel.
Daar is verskillende soorte besoedeling.
Grondbesoedeling is wanneer vullis oral rondlê. Party vullis bring skadelike kieme. Soms lek chemikalieë van die vullis in ons water en dit kan ons baie siek maak.
Waterbesoedeling is wanneer water gevaarlik word om te drink as gevolg van die kieme en chemikalieë daarin.
Lugbesoedeling is wanneer die gasse van motors, taxi's, busse en fabrieke die lug giftig maak om in te asem.

**Pare** Vertel wat jy uitgevind het.

**Deel**
- Vra 'n leerder om met die klas te deel.
- Praat oor wat jy uitgevind het.




## AANVANGSKENNIS Besoedeling

15 min

**Skryf en teken oor wat jy uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.



## KLANKE ASSESSERING 2 Diktee

15 min

- Sê vir die leerders dat dit 'n toets is.
- Sê hierdie woorde een op 'n slag.
- Die leerders skryf die woorde in oefenboek.

kaas
lief
hoed
goud
trein

**Sien na:**
Sien bladsy 108
**Punte:** 5

## SKRYF My gesonde dag


15 min

**Bespreek** Bespreek wat die leerders op verskillende tye van die dag doen.


**Lees die tyd** Lees die tyd op die horlosie in die skryfraam. Hoe laat is dit op elke horlosie?

**Skryf en teken**
- Die leerders gebruik die woordeskat van die hoofstuk asook hulle eie persoonlike woordeboeke om te skryf oor watter gesonde goed hulle by die bord doen.
- Hulle teken 'n prent as daar tyd is.





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES



5 min + 30 min

**Handskrif en Onafhanklike werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Doen Lees- en Begripassessering met een GBL-groep per dag.

## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1 Groep E




- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul storieboek of gegradeerde leesboek.
- Roep hulle een vir een om te luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na elke kind se lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle lees.

**Sien na:**
Sien bladsy 109
**Punte:** 10

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees in pare hul Onafhanklike Skryf vir mekaar.
- Sê aan jou maat waarvan jy gehou het van hul skryfwerk.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam deur hierdie week se DBO-werkboekaktiwiteite.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas hul antwoorde in hul oefenboeke skryf.


## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Gesonde leefwyse







## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| partytjie | konsert | skool | pot | bredie |

**Sinstrook**


Hulle het 'n bredie in 'n baie groot pot gemaak.

## ONAFHANKLIKE WERK

1. Lees in pare **LAB bladsy 110**
2. Handskrif 1 **A Y W V X R**
3. Handskrif 2 **Anya en Wynand staan by die deur.**
4. Handskrif 3 **Die Groot Vyf Diere in Suid Afrika**
   **leeu renoster luiperd olifant Kaapse buffel**
5. DBO-werkboek vir Huistaal **bladsy 59**
6. DBO-werkboek vir Huistaal **bladsy 60**
7. DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid **bladsy 32-33**
8. Woordeboek
   **partytjie konsert skool pot bredie**

## BENODIGDHEDE

- Verf
- Strooitjies/omhulsels van penne
- Viltpenne/plakkers
- Papier om op te verf
- Apparaat vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# ’n Partytjie by die skool




Dit was ’n groot dag vir Sipho en Amos se skool. Die skool was 100 jaar oud.

Die onderwysers het gesê dat hulle ’n partytjie gaan hou. Hulle het ’n konsert beplan. Die seuns en meisies het items vir die konsert begin oefen. Hulle het liedjies gesing en gedigte geresiteer. Amos, Sipho, Thami en Simson het ’n storie uit die Bybel opgevoer.

Die onderwysers en ouers het baie vleis en ’n baie groot pot gekry, een vir bredie en een vir pap. Hulle het vroeg die oggend van die partytjie begin kos maak.

Dit was ’n baie warm dag. Die kinders se ouers en oumas het skool toe gekom. Die kinders het hul konsert gehou.

Toe was daar toesprake. Die skoolhoof het ’n toespraak gemaak. Iemand van die beheerliggaam het ook ’n toespraak gemaak. Daarna het ’n baie ou dame, wat jare gelede by die skool onderwys gegee het, ’n toespraak gemaak. ’n Man van die Onderwysdepartement het ook ’n toespraak gemaak. Almal het gesweet omdat dit so warm was.

Uiteindelik het almal buitentoe gegaan om van die bredie te eet. Daar was genoeg kos vir almal. Nadat hulle klaar geëet het, het die kinders speletjies gespeel.

Maar toe het Ayanda gesê dat haar maag seer was. Thami het gesê dat hy ook siek voel. Nog kinders het begin siek voel. Hulle het maagpyn gehad. Hulle het gebraak. Hulle het gehuil. Selfs die man van die Onderwysdepartement het siek geraak.

Die skoolhoof was bekommerd. Sy het die mediese **nood**nommer van haar selfoon af geskakel. Twee **ambulanse** het skool toe gekom.

Die paramedici het gesê dat die kos by die partytjie die mense siek gemaak het. Hulle het vir die siek kinders spesiale water gegee om te drink. Hierdie water help om te keer dat hul liggame uitdroog (dehidreer).

Die kinders was hartseer. Die onderwysers was hartseer. Die tannies wat die bredies gemaak het, was hartseer. Die partytjie was **geruïneer**.

’n Week later was daar ’n groot verrassing. Die winkels in die dorp het gehoor wat die dag van die partytjie gebeur het. Hulle was jammer vir die kinders. Van hulle het kos vir die skool gegee vir nog ’n partyjie. Een winkel het hoenderstukke gegee. ’n Ander winkel het baie wors gegee. Die skool het pakkies skyfies, baie broodrolletjies en bokse vars vrugte gekry.

Almal het weer bymekaargekom. Hulle het die hoender en vleis gebraai en dit onmiddellik geëet. Hierdie keer het niemand siek geraak nie. Dit was die beste partytjie ooit.

## WOORDESKAT

**nood** – iets gevaarlik waaraan dadelik aandag gegee moet word

**ambulans** – voertuig wat mense hospitaal toe neem

**geruïneer** – bederf

# MAANDAG

## HARDOPLEES — *'n Partytjie by die skool*

OG
bl. 93
15 min



**Voor lees** Gesels oor gebeurtenisse wat by die skool plaasvind, bv. 'n konsert, sportdag, partytjie, prysuitdeling.

**Lees** Lees die storie hardop en vra vrae.

**Na lees**
- Waar was die partytjie?
- Hoe was die weer?
- Wat het met party van die mense gebeur nadat hulle die kos geëet het?
- Wie het na die skool gekom om die die siek mense te help?
- Wat het die volgende dag gebeur?

## AANVANGSKENNIS — Hou kos en water veilig en skoon

bl. 100
15 min




**Bestaande kennis** Was jou maag al baie seer? Hoe het dit gevoel?

**Nuwe kennis**
- Kos en water wat besmet/vergiftig is, kan mense siek maak.
- Ons moet kos en water skoon en gesond hou.

**Lees die bladsy** Kyk na die prente en lees die teks.

## KLANKE — Hersiening: eu-klank

bl. 101
15 min





**Stel die klank bekend / Bekendstelling van klank**
- Luister na en sê die klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank** Leerders mag nog woorde gee.

**Pare** Lees die klankgrepe en woorde.

## LEES — *'n Partytjie by die skool*


bl. 94–99
15 min




**Prentloop** Vir wie kan jy in elk van die prente sien? Wat gebeur?


**Lees die hele storie vir en saam met die leerders** Leerders wys met hul vingers na die woorde.

**Begriplees bladsy 94–96**
- Op bladsy 94, wys na die woord wat vir ons sê dat die skool oud was.
- Hoekom dink jy wou die onderwysers 'n partytjie hê?
- Op bladsy 95, wys na die woorde wat vir ons sê wie skool toe gekom het.
- Hoe weet jy dit was 'n baie warm dag?
- Op bladsy 96, wys na die twee woorde wat vir ons sê dat mense siek was.
- Hoe, dink jy, het die onderwysers gevoel toe almal siek geword het?



## SKRYF Nuus

15 min






**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus** (*nuus oor die vakansie, die naweek, 'n sportspan, 'n TV-program*)

**Pare** Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus** in oefenboeke.


Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.w





## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min





**Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se Onafhanklike Werk wat op die bord geskryf is, bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE Maak prente van kieme

30 min



**Bespreek**
- Hersien die inligting oor kieme.
- Hoe, dink jy, lyk kieme?
- Kan ons dit sien? Of moet ons 'n mikroskoop gebruik?

**Maak prente**
- Die leerders plaas blertse verf op 'n vel A4-papier.
- Hulle gebruik strootjies/omhulsels van penne om die verf mee te blaas en so kiem-vorms te maak.
- Laat die verf oornag droog word.



## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

30 min



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Die leerders rolspeel die aktiwiteite.

**Heelklasaktiwiteit**
Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, aan-aan, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG

## WELSTAND (PSW) Oplettende ek

15 min



- Ask learners if their throats feel cool and relaxed.
- Die leerders plaas die voorpunt van hul tong losserig tussen hul tande, met hul lippe oop. Dit moet 'n klein bietjie uitsteek.
- Hulle asem in en suig die lug oor hul tong in. Dan asem hulle stadig deur die neus uit. Herhaal.
- Vra die leerders of hul keel koel en ontspanne voel.

## AANVANGSKENNIS Hou kos en water skoon en veilig

bl. 102

15 min




**Hersien** Herinner die leerders aan hoe ons kos en water moet skoon en veilig hou.

**Lees** Lees die twee helftes van die sinne saam met die leerders.

**Pas**
- Pas die twee helftes bymekaar.
- Kleur die prente in.

## KLANKE Kies die regte woord

bl. 103

15 min




**Oefen om letters vinnig te benoem**
- Wys na enige letter op die alfabetkaart.
- Leerders sê die klank van die letter.
- Herhaal. Behou die pas.


**Doen die aktiwiteit**
- Loop deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer/Sien die aktiwiteit na**

## LEES Sinsbou

bl. 123

15 min





**Knip uit** Leerders knip die sinstrook op bladsy 123 in die LAB uit.

**Lees die sin saam** Gebeur hierdie aksie nou of in die verlede? Watter woorde wys dit? (*het, gemaak*)

**Vra vrae oor die sin**
- **Wie?** *hulle*
- **Wat gedoen?** *het*
- **Wat?** *'n bredie*
- **Waar?** *in*
- **Watter grote was dit?** *baie groot*
- **Waarin?** *pot*
- **Wat gedoen?** *gemaak*

**Leerders knip die woord/woordgroepe vir elke vraag uit** Skommel en herstruktueer die sin.

**Die leerders plak die sin** in hul oefenboeke.



## GEDEELDE SKRYF *’n Partytjie by die skool*


15 min


**Inleiding** Wat het in die storie gebeur wat ons gelees het?

**Dinkskrum**
- Watter soort partytjie kan ons by die skool hou?
- Watter dinge kan alles by ’n partytjie gebeur?

**Gedeelde Skryf**
- Voltooi die skryfraam deur die leeders se idees te gebruik.
- Lees die nuwe storie saam met die leerders.

’n Partytjie by die skool
Ons het ’n partytjie vir _____ gehad.
Die ______ het ______ en _______ gekook.
Die weer was baie _______.
Die kinders het ’n ______ gehou.
Ná middagete het party mense ____.






## ONAFHANKLKE WERK EN GROEPBEGELEIDE LEES

5 min + 30 min

**Handskrif**
- Kyk na ’n paar leerders se handskrifboeke en gee terugvoering.
